



# In die Begin was die Woord – nie die Interpretasie nie

## Aanklag – Waarskuwing – Opklaring

Deur Sendeling
Ewald Frank

# DIE BYBELSE TYDS-INDELING




**"... van ewigheid tot ewigheid is U God!" (Ps. 90:2)**

So spreek die Here: "... wat van die begin af verkondig die einde, en van die voortyd af wat nog nie gebeur het nie; wat sê: My raad sal bestaan, en al wat My behaag, sal Ek doen." (Jes. 46:10)

# IN DIE BEGIN WAS DIE WOORD – NIE DIE INTERPRETASIE NIE

## Aanklag – Waarskuwing – Opklaring

Sonder die gebruiklike inleiding, kom ons reguit na die punt. God het reeds deur Sy Woord besluit wat geldig is vir beoordeling of teregspraak, onderrig of beoefening – wat ookal onder bespreking is. In hierdie uiteensetting word dus slegs die onverganklike, ewig-blywende Woord van God toegepas, net soos dit staan in die Bybel, wat ook gebruik sal word op die "Oordeelsdag", by die *"Groot Oordeel"*. Soos met 'n hofsaak sal ons nou die aanklag maak, die waarskuwing rig en duidelikheid bring, voor die oordele van God uitsak.

Die aanklag spruit uit voortgesette godsdienstige bedrog. Soos ons sal sien, beroep die mensdom hom op God op verraderlike wyse, verlei met godsdienstige leuns en bedrog. As daar 'n kans was om ons ewige lot te verander ná die dood, sou niemand die moeite gedoen het om hierdie aanklag te bring nie. Maar daar is geskrywe: *"... net soos die mense bestem is om eenmaal te sterwe en daarna die oordeel"* (Hebr. 9:27).

Die beskuldiging is nie gerig teen onbekende persone nie, maar eerder en hoofsaaklik teen al die geestelikes op die ganse aarde. Menslik gesproke, kan ons versagtende omstandighede bepleit, want ons is almal gebore in die 'oorgeërfde' foute en verleidinge. Maar uit God se perspektief gesien is daar geen verskoning nie omdat Hy ons die Bybel as geldige rigsnoer gelaat het. So spreek die HERE: *"Ek het as 'n lig in die wêreld gekom, sodat elkeen wat in My glo, nie in die duisternis sou bly nie.* ***En as iemand na my woorde luister en nie glo nie, Ek oordeel hom nie****; want Ek het nie gekom om die wêreld te oordeel nie, maar om die wêreld te red.* ***Wie My verwerp en my woorde nie aanneem nie, het een wat hom oordeel: die woord wat Ek gespreek het, dit sal hom oordeel in die laaste dag****"* (Joh. 12: 46-48).

Almal bestudeer die Heilige Skrif, maar het elk hul eie sienswyse wat lei tot verskillende resultate. Navorsing en studie is nie genoeg nie, dit doen almal. Dit begin met 'n persoonlike ervaring van verlossing en om Jesus Christus heeltemal te volg. Hy is die middelpunt van die hele openbaring van God; in Hom is alle skatte van wysheid en kennis verborge (Kol. 2: 2-3).

Daarom is dit geskrywe: *"Julle ondersoek die Skrifte, omdat julle meen dat julle daardeur die ewige lewe het; en dit is dié wat van My getuig.* ***En julle wil nie na My kom*** *om die lewe te hê nie"* (Joh. 5: 39-40).

Dit is absoluut ook nie toelaatbaar om bybelse temas te oordeel vanuit ons eie standpunt nie. Elkeen moet homself onderwerp aan die oordeel van God se Woord. Die hoogste Regter spreek vandag en sal ook op die laaste dag net volgens Sy Woord oordeel uitspreek. Die apostel Paulus het geskryf: *"...* ***ons sal almal voor die regterstoel van Christus gestel word****"* (Rom. 14:10). In sy brief aan die Korinthiërs beklemtoon hy dit weereens: *"Daarom lê ons ons ook ywerig daarop toe ... om Hom welgevallig te wees. Want ons moet almal voor die regterstoel van Christus verskyn ..."* (2Kor. 5: 9-10). Die laaste oordeel word vir ons duidelik in Openbaring 20, vanaf vers 11 beskrywe.

Die gaan daarom nou dat almal wat hulle op God beroep, die bybelse leerstellinge en praktyke wat ons as voorbeelde het, sedert die tyd van die apostels, ewig moet laat geld. Na die opstanding van die HERE, het Hy Sy dissipels geleer, in die veertig dae voor Sy hemelvaart (Luk. 24: 50-51). Eers daarna beveel Hy Sy uitverkore apostels, wie Hom lewendig gesien het (Hand. 1: 1-3), om alle nasies te leer om alles te bewaar soos Hy beveel het (Matt. 28:19). Dit word uitgevoer deur alle ware dienaars van God, volgens die voorbeeld van Petrus met die eerste preek op Pinksterdag en hulle sal tot op die laaste preek dieselfde leringe en praktyke beoefen. So word die woord van die profeet Jesaja vervul: *"****En al jou kinders sal deur die HERE geleer wees****, en die vrede van jou kinders sal groot wees"* (54:13). In die evangelie van Johannes, verwys die HERE na hierdie skrif: *"Dit is geskrywe in die profete:* ***En hulle sal almal deur God geleer wees. Elkeen dan wat dit van die Vader gehoor en geleer het, kom na My toe****"* (Joh. 6:45).

Die aanklag word teen almal gebring wat God se oorspronklike Woord, soos dit staan in die Bybel, verander het en die leringe vervals het. Nou moet die goddelike boodskap weer duidelik en in die ware oorspronklike weergawe verkondig word aan die mensdom. Dit is betreurenswaardig dat alle skrifgeleerdes en die hele godsdienstige wêreld hul eie manier gaan. Hulle praat van verlossing, maar die weg van heil streef hulle glad nie na, soos in vroeë Christendom nie.

Deur my meer as veertig jaar in die bediening, wat my gelei het na meer as 130 lande, maar ook na byna alle denominasies en kerke van hierdie aarde, is ek "up-to-date" met wat aangaan in die godsdienstige wêreld en met hul vooruitsigte. Oral verdring die ekumeniese gees nou met krag die

godsdienstige wêreld, wat saggies lei tot ‘n ‘multi-kulturele stelsel’, in ‘n ‘wêreld-staat gemeenskap’, wat paslik is vir almal. Byvoorbeeld, die sogenaamde ‘Apostoliese Geloofsbelydenis’, oftewel, die ‘Niceaanse-Kalsedoniese Geloofsbelydenis’, wat tussen 325 en 381 n.C. geformuleer is, word min of meer algemeen gebruik in die meeste christelike denominasies. Dit sê onder andere: "Ek glo in een heilige, Katolieke Kerk, die gemeenskap van die heiliges ...". 'n Geloofsbelydenis met twaalf punte was aan my voorgelê in 'n Volle Evangelie Kerk in die Verre Ooste. Die genoemde gedeelte was onder punt 9. Ek het dit weer onlangs ervaar in 'n Sentraal-Amerikaanse hoofstad, toe die president van die Pinkster kerke my handtekening onmiddellik wou hê vir hul plaaslike geloofsbelydenis, voor ek selfs kon registreer in die hotel. Slegs dan sou al die deure in die land oop wees vir my om byeenkomste te hou. Maar weens die eerste paragraaf kon ek dit nie met 'n skoon gewete onderteken nie. Dank Sy God dat Hy hierdie man se houding verander het sodat hy die deure nietemin oopgemaak het.

Wat my ook onlangs op my sendingreise diep geskok het, is die wyd-verspreide praktyk, om gebede met die formule "In die naam van die Vader en van die Seun en van die Heilige Gees" af te sluit. Verder is dit regtig vreemd dat die lofprysing om die beurt aan die Vader, en die Seun en die Heilige Gees, al drie, elke keer, dieselfde eer en aanbidding gegee word. Soms word die volgende ook nog gesê: "nou sal ons die persoon van die Heilige Gees met 'n ‘Goeie naand, Heilige Gees’ onder luide applous verwelkom" – so gaan dit veels te ver; dit is godslastering! Wat dink sulke mense van die werklik apostoliese manier om God te adresseer: *"**Geseënd is die God en Vader van onse HERE Jesus Christus wat ons geseën het met alle geestelike seëninge in die hemele in Christus** ..."* (Efé 1:3 o.a.)? Ook gebruik byna almal die afsluitings-formulering: "Die genade van onse HERE Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees, sy met julle almal bly ...". Enigiemand wat die briewe van Paulus lees, sal oplet dat Hy self geen voorneme gehad het om 'n standaard vorm daar te stel nie – elke brief het 'n ander afsluiting gehad. Die brief aan die Romeine het selfs twee afsluitings en hulle is verskillend: *"En die God van vrede sy met julle almal! Amen"* (15:33). *"... aan die alleenwyse God, aan Hom die heerlikheid deur Jesus Christus tot in ewigheid! Amen"* (16:27). In die laaste vers van die laaste boek van die Bybel sê dit: *"Die genade van onse HERE Jesus Christus sy met julle almal! Amen"* (v. 21). Hoekom sou enigiemand 'n vaste vorm instel en nie toelaat dat die Heilige Gees vrylik lei nie?

Sulke ervarings en nog baie meer is die rede vir hierdie daarlegging, wat bedoel is om 'n uitdaging en terselfdertyd ook 'n waarskuwing te wees. Wat staan werklik in die Bybel en hoe word dit geïnterpreteer en dan oorgedra? Wat was eintlik deur die apostels beoefen en hoe word dit toegepas vandag? Hierdie dinge moet gevra kan word en ook duidelik uitgelê word! Wat is die Woord van God, en wat is interpretasies?

## So dan het die misleiding begin

Die eerste mense, in wie ons almal verteenwoordig is, het in sonde geval omdat hulle na die vyand geluister het toe Eva die Woord verdraai het en so die eerste leuen op aarde uitgebring het. Dit is algemeen bekend. Ons almal ervaar dieselfde lot en sou nie die versoeking kon weerstaan nie. As gevolg van die sondeval is ons almal gebore in hierdie wêreld deur vleeslike voortplanting. So het die dood op ons almal gekom.

Selfs sedert die volbragte verlossing het die vyand die Woord van God roekeloos verdraai om sy godsdienstige leuens geloofwaardig te maak. Die vroeë Gemeente was net vir 'n baie kort tyd in die suiwer goddelike leringe. Die belydenis *"**een** HERE, **een** geloof, **een** doop ..."* (Efé. 4:5), was deur die vervalsers geïgnoreer. Paulus het in die besonder die valse leraars en hul onbybelse leringe behandel, wat altyd afkomstig is van duiwels (1Tim. 4). Hy het voorspel dat daar in die Gemeente mense sal kom met valse leringe. Dit het gebeur selfs al het hy die hele raad van God verkondig en owersieners, onder die leiding van die Heilige Gees, in die gemeentes aangestel (Hand. 20: 24-32). Hy en die ander apostels het gewaarsku teen diegene wat verdeeldheid veroorsaak en afwyk van die regte leringe.

Dit gaan terug na die Tuin van Eden. Daar het dit alles begin. Die HERE God het duidelik en waarskuwend gepraat: *"... maar die boom van die kennis van goed en kwaad, daarvan mag jy **nie** eet nie; want die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe"* (Gen. 2:17). En God bedoel altyd wat Hy sê en sê wat Hy bedoel. Die vyand maak altyd kinkels en draaie en het die Woord bevraagteken toe hy sê: *"Is dit ook so dat God gesê het ...?"* en *"Julle sal gewis nie sterwe nie ... julle oë sal oopgaan, sodat julle soos God sal wees deur goed en kwaad te ken ... "* Ja, en toe hulle na hom luister, hét hulle oë eintlik oopgegaan (Gen. 3: 1-7). Maar deur die val is hulle van God geskei en het naak gestaan. Die vyeblaar was nie genoeg om hulle skande te bedek nie; selfs vandag kan niemand probeer om die skande van die val van die kerk te bedek met die vyeblaar van godsdiens nie.

Die vyand kom altyd baie vroom voor, soos 'n engel van die lig (2Kor. 11), en met *"Daar is geskrywe!"*. Beide die ware en die valses is inspirasies. Die egte het sy oorsprong uit die Gees van God wat altyd ten einde bewys om waar te wees, omdat: *"... deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek"* (2Petr. 1: 20-21).

<u>As 'n waarskuwing is geskryf</u>: *"Maar die Gees sê uitdruklik dat in die laaste tye sommige van die geloof afvallig sal word* ***en verleidende geeste en leringe van duiwels sal aanhang*** *..."* (1Tim. 4:1).

*"Want daar sal 'n tyd wees* ***wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie****, maar, omdat hulle in hul gehoor gestreel wil wees, vir hulle 'n menigte leraars sal versamel volgens hulle eie begeerlikhede,* ***en die oor sal afkeer van die waarheid en hulle sal wend tot fabels*** *..."* (2Tim. 4: 3-4).

*"Maar daar was ook valse profete onder die volk,* ***net soos daar onder julle valse leraars sal wees wat verderflike ketterye heimlik sal invoer****, en ook die HERE wat hulle gekoop het, verloën en 'n vinnige verderf oor hulleself bring"* (2Pet. 2:1).

Elke prediker moet homself afvra of hy net 'n 'Christelike boodskap' bring, of <u>die Boodskap van Christus</u> verkondig. Almal, ongeag of hulle preek of skryf, moet hulself opweeg en laat ondersoek of hulle die regte of valse leringe weergee. Om opreg te wees is nie genoeg nie; almal ís tog uiteraard. Daar moet vasgestel word, waar almal geplaas word deur die Heilige Skrif self, ***"Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid*** *..."* (2Tim. 3: 16-17). As die Skrif aangewend word om godsdienstige tradisies en verkeerdelike oortuigings betekenis te gee, kan dit glad nie voor God staan nie. By nadere ondersoek, bly net 'n leë dop van vroomheid oor. Ons moet begryp dat daar 'n hemelsbreë onderskeid is tussen die ware <u>betekenis van die Woord</u> en die menigvuldige <u>interpretasies wat daaroor bestaan</u>.

Paulus wou die Gemeente as 'n onaangeraakte maagd, wat nie geestelike hoerery gepleeg het nie – 'n suiwer Bruid – aan Christus, die hemelse Bruidegom, verbind. En dadelik spreek hy sy kommer uit oor die feit dat, net soos die slang Eva deur sy listigheid bedrieg het, dit ook met die eenvoudige gelowiges sou gebeur, wie getrou sal luister, selfs al word 'n ander Jesus voorgestel of 'n ander evangelie verkondig en 'n vreemde gees werksaam is (2Kor. 11). <u>Maar wie gee toe dat ons almal min of meer in 'n vervalste Christendom gebore is?</u> Ook diegene wat voortgaan om oor die

valshede onkundig te bly, moet in die beskuldigdebank sit, want selfs geestelike onkunde is geen verskoning nie. Al die predikers wat onwetend 'n vervalste evangelie verkondig kan, byvoorbeeld, vergelyk word met iemand wat met valse geld ‘n rekening betaal. As hy uitgevang word, moet hy die gevolge dra, selfs al het hy nie geweet dat dit valse geld was nie.

Die gelowiges is in die algemeen onbewus van die redenasie van die vyand, wat oorgedra word deur die christelike skrywers. Eva het nie eens agterkom dat sy bedrieg en verlei word deur die vyand nie omdat hy die Woord van God heeltemal verdraai en verander het in die teenoorgestelde en het haar sodoende dodelik vergiftig. En ons het dit ook nie opgemerk voor onse verwekking en verligting nie. Die vyand begin daarmee, deur in twyfel te trek wat God gesê het. Hy het met die onderwerp gebly, <u>maar nie met die oorspronklike waarheid van die Woord nie, dit wat uit die mond van God gekom het</u>. Dit is nog steeds die groot misleiding dwarsdeur die hele godsdienstige wêreld. Die duiwel het geen eie tema nie – dit verstaan die meeste mense nie. Dit is altyd die godsdienstige temas van denominasies. Hy het nie sy eie leringe nie – op ‘n baie elegante manier neem hy God se Woord en verdraai dit. Hy neem die bybelse temas oor God, oor die doop, oor die nagmaal, ens, en bied dit aan die mensdom op ‘n onbybelse manier. Hy nader ons met: *"Daar is geskrywe"* soos in Matthéüs 4 gelees kan word. <u>Alhoewel hy die geskrewe Woord gebruik, ruk hy dit buite verband – dit was die eintlike versoeking</u>. Hy doen dit nog steeds vandag, sonder dat mense enigiets vermoed, want hulle verwag hom altyd elders. Vir sommige haal hy Matthéüs 28:19 aan en ander weer Johannes 20:23, maar ons moet oppas dat *"Daar is **óók** geskrywe ..."* in Handelinge 2:38. Hy sal altyd een bybelgedeelte teen die ander stel – <u>die Gees van God bring egter elke bybelgedeelte in harmonie met die ander</u>.

Satan ontken nie God, nog minder God se Woord nie. Hy is egter dag en nag besig om mense, veral diegene in alle bybelskole en seminare, asook al die geestelikes, na sy siening van dinge te indoktrineer. In die tuin van Eden, was die sondeval in die natuurlike liggaam die resultaat van die verleiding, waaronder die hele wêreld tot vandag nog ly. Die kerk het geval vanaf die EEN God en Sy Woord, wat deur ongehoorsaamheid gelei het tot afwykings, waaronder sy nog steeds ly.

In die eerste ekumeniese raad van Nicea, in die jaar 325 n.C., het 250 verteenwoordigers van verskillende gelowe die bybelse temas betwis, veral oor Christus en die godheid. Hoekom, so kan daar gevra word, het die profete en apostels <u>nooit geredekawel oor hierdie sake nie?</u>

Hoe moes die ganse hemel gehuil en die ganse hel bly gewees het toe die vorste van hierdie wêreld daarin geslaag het om die Woord van God opsy te sit en in plek daarvan mens-geformuleerde leerstellinge in te voer, wat niks met God te doen het nie! Hellenistiese, heidens-filosofiese denke, het die kerkvaders natuurlik oorheers. Feitlik nie een van hulle het die Aramese of Hebreeuse taal verstaan om in staat wees om die oorspronklike teks te kon lees nie. Niemand het die heilsgeskiedkundige karakter van die Ou Testament en ook nie die God van Israel geken nie. Almal het die Christendom aanvaar as 'n godsdiens, maar nie Christus as Verlosser en HERE nie. Nie een van hulle kon van 'n goddelike roeping praat nie. As mens die bekende kerk-geskiedkundiges oplees, dan vind ons dat al die kerkvaders, sonder enige uitsondering, die Jode heeltemal gehaat het en allerhande kwaadwillighede teen hulle gesaai het. Ignatius van Antiochië was die vakkeldraer van die kwaad-stekers teen die Jode. Onder hulle wie sy voorbeeld gevolg het is Justinianus, Hippolytus, Cyprianus, Gregorius van Nyssa, Origen, Tertullianus en Athanasius, selfs Chrysostom en Jerome, ens, ens. Leo die Grote I, wat vanuit 'n protestantse perspektief oor die algemeen beskou word as die eerste Pous, het sedert die jaar 441 n.C., met sy mags-uitgeoefening, almal oorskry. Onder die invloed van die vorste van die Kerk is die Jode blootgestel aan vloeke, kwaadwillige beskuldigings, uitsettings en geestelike teisteringe. Die eerste konkrete bewyse van die invloed van die 'kerkvaders', soos hulle later genoem is, het dit reeds in die jaar 321 n.C. duidelik gemaak, toe keiser Konstantyn besluit het om die Jode onder straf te verbied om die Sabbat te hou. Daarinteen het hy Sondag-aanbidding verpligtend gemaak en baie sinagoges is omskep in kerke. Uittreksels van die Nuwe Testament was verdraai deur Satan en, beïnvloed deur die kerkvaders, was die Jode verwerp en vervloek as 'Christus moordenaars'. Maar elkeen wat Israel vervloek word deur God vervloek (Num. 24:9).

Nadat Keiser Theodosius (347-395 n.C.) die 'Drie-eenheidsgeloof' op 28 Februarie 380 n.C. as die enigste staatsgodsdiens bevestig het en die Raad van Konstantinopel dit in Mei 381 n.C. bekragtig het, was dit op almal afgedwing. Net in die sewe kruistogte alleen (1095-1291 n.C.), dws, in byna 200 jaar, is 22 miljoen mense gedood deur die staat-kerk. "Deus lo vult" – "Dit is God se wil", was die strydkreet van Godfried von Bouillon. Die opdrag vir die eerste kruistog was deur Pous Urbanus II uitgereik "in die naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees". Met 'n kruis in die een hand en 'n swaard in die ander, het die kruisvaders gemoor. Tussen 50 en 60 miljoen mense het in die Middeleeue 'n martelaarsdood gely deur die

‘Trinitariese Kerk’, wat inderdaad op dieselfde tyd die staatsmag was in die ‘Heilige Romeinse Ryk’.

Hulle was verantwoordelik vir elke Joodse vervolging in die Christelike era. Baie skrywers soek steeds na die onderliggende oorsake van die verskriklike ‘Holocaust’ met sy 6 miljoen slagoffers. Honderde jare het verby gegaan onder pruisies-protestantse heerskappy sonder Joodse vervolgings. Enigiemand wat die boeke van Daniël Goldhagen en ander skrywers gelees het, is bewus van die rol van die Kerk van Rome. Sedert die dae van die kerkvaders in die 4de eeu is anti-Joodse saad oor en oor gesaai, ook in Martin Luther, die Protestante, die Ortodokse en die ganse Christendom. Volgens Openbaring 6: 9-11 roep die siele van almal wat vermoor was om weerwraak.

Soos die geskiedenis toon, het oorloë gewoonlik ‘n politieke agtergrond; vervolgings, daarteenoor, het altyd 'n godsdienstige agtergrond. Al die brandstapels – waar selfs nie kinders óf ou mense gespaar is nie – die wrede ‘Heilige Inkwisisie’, veral in Spanje, en inderdaad die hele martelary, gaan na die rekening van die Romeinse "Trinitariese Kerk-Staat" en hul verteenwoordigers. In die tydperk van die Middeleeue, gedurende die outokrasie van die Kerk van Rome, was daar absoluut geen menseregte, geen gewete, oortuiging, of vryheid van spraak of skryf nie. Die slagoffers van die heksejag vanaf die jaar 1430 word geskat op sestig duisend. Met die slagting van die Protestantse Hugenote in die St. Bartholomew Nag op 23/24 Augustus, 1572 in Frankryk, het daar in 'n enkele nag 20,000 tot 30,000 gesterf. Die Bybel, die enigste boek met die onverganklike waarheid op aarde, blameer nie enige nasie vir die martelary nie. Daar word ook nêrens gesê: "Die Spaanse nasie is verantwoordelik vir die Inkwisisie" nie. Ook nie: "Die Franse is verantwoordelik vir die slagting van die Hugenote". So ook sekerlik nie: "Die Holocaust is die Duitse volk se skuld". Ook kan niemand sê: "Die Oostenrykers was strafbaar omdat Hitler ‘n Oostenryker was en Eichmann Duits-Oostenryks was" nie. Die Heilige Skrif is eenvoudig, maar direk oor die feit dat die Kerk van Rome verantwoordelik is vir die bloed van die martelare: *"... die groot Babilon ... dronk van die bloed van die heiliges ..."* (Openb. 17: 5-6). *"... En die bloed van profete en heiliges is in haar gevind, en van almal wat op die aarde gedood is"* (Openb. 18:24, o.a.).

Omdat die Ou Testament in die algemeen verag was deur die kerkleiers, kon hulle nie die Nuwe verstaan nie. Hulle het nie verstaan dat die skrywers van die Nuwe Testament die belangrikheid van die oue uitgelig het nie; dat hulle 845 aanhalings daaruit weergee het en die verwantskap

van die Jode en heidene erken het, sowel as die wet en genade volgens God se plan en bestel. Volgens die uitspraak van die Skrif, was die manne wat deelgeneem het aan die verskeie Rade niks anders as blinde leiers nie. Hulle, en almal wat wandel in hul voetspore, behoort in die beskuldigdebank voor die regterstoel van God. Die bloedbevlekte 'Trinitariese Belydenis', wat hulle uitgevind en ingevoer het ter ontkenning en verwerping van die Jode, glo die meeste Christene tot vandag nog. O God, wees genadig!

<u>Nie 'n enkele punt van geloof of 'n leerstelling vereis enige nuwe formulering nie. Die Nuwe Testament met die werklike apostolies-profetiese geloofsbelydenis, was alreeds geskryf, wat vir ewig die geldige rigsnoer bly.</u>

Die nuwe-testamentiese Gemeente is gestig op die gemeenskaplike fondament van die apostels en profete, met Jesus Christus self die hoeksteen (Efé. 2:20). Paulus het, as 'n bekwame boumeester, in opdrag van die HERE die fondasie gelê. Maar hoe die ander voortgaan om daarop te bou, is die groot vraag (1Kor. 3: 10-15). Volgens 1Timothéüs 3:15 **is die ware Gemeente van Jesus Christus, *"die huis van God … 'n pilaar en grondslag van die waarheid"*** en nie 'n godsdienstige gebou van leuens nie! (Jes. 28:17). Daar is ook nie 'n enkele geval in die Ou en Nuwe Testament, waar daar gestry was oor wie God is en hoe Hy homself manifesteer nie. Die dienaars van God het die HERE God geken en het nie Sy openbaringe aangetas nie. Geen man van God het ooit gedink om God, omdat Hy menigvuldige manifestasies het, te verdeel en van die Een, waarvan die hele Bybel in die 66 boeke getuig, verskeie persoonlikhede te maak nie.

Met alle erns moet ons toegelaat word om te vra: Met watter reg verdedig bybelleraars, teoloê, predikers en evangeliste, in alle kerke wat ontstaan het sedert die Reformasie, dws regdeur protestantisme, die leringe van die staat-kerk van Rome? Verwar hulle nie God se wet met kerkregte nie? Wat het 'n ware ambassadeur van Christus – 'n ware apostel, profeet, evangelis, pastoor – te doen met 'n geloofsbelydenis wat honderde jare later geformuleer is in verskillende Rade? Met watter reg word dit dan ook genoem die 'Apostoliese Geloofsbelydenis'?

<u>Die belydenis en die leringe van die apostels kan eintlik net en uitsluitlik net in die boek Handelinge van die Apostels en in die Briewe van die apostels gevind word</u>. Al die ander is vervalsings wat ontstaan het uit <u>ongemagtigde interpretasies</u> van skrifgedeeltes deur misverstande.

Die vyand het eintlik al in die vroeë Christendom met die verdraaiing van die Woord van God begin en het nog nie opgehou nie. Die hele godsdienstige wêreld is onwetend geestelik blind en in 'n dwaling, tensy ons openbaring gegee word. Hoewel ryklik versier met bybelse tekste, het selfs die protestantse lerings-strukture onskriftuurlik gebly en is selfs diegene in die geledere van die 'volle evangelie' met die babiloniese mantel gedek. Die oorspronklike betekenis van die Woord is deur arbitrêre interpretasies oral kragteloos gelaat.

## Stel alles op die proef

Nou kom – vir baie die eerste keer – die alles oorheersende verrassing: Daar is nie 'n enkele daad in die Bybel wat "in die naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees" uitgevoer is nie! Hopelik sal hierdie belangrike bevinding onder diegene wat in die onbybelse tradisies is, 'n volgehoue en heilsame skok veroorsaak.

Die ware kinders van God wat werklik bybelgetrou is en nie net sê dat hulle is nie, is nie besorgd oor wat Athanasius, Augustinus, Tertullianus, Hieronymus of andere bygevoeg het nie, maar oor wat Petrus, Johannes, Jakobus en Paulus gesê het, en wat vir ons in die Woord geskryf staan as *"SO SPREEK DIE HERE"*.

Wat God gespreek het deur Sy dienaars, gedryf deur die Heilige Gees, dit wat in Sy Naam gespreek word, is in geen kategismus en geen kerklike handboek nie; ook nie in die Talmud of Koran nie – nie eens in die 'Didache' nie, wat verkeerdelik genoem word 'Die Leer van die Twaalf Apostels' – maar uitsluitlik in die Bybel. **Daar is net een Absoluut: dit is die Heilige Skrif.**

Aan almal wie God vrees en ernstig opneem, kan dit gesê word dat daar in die vroeë Christendom nie 'n enkele gebed is wat begin of eindig met die Trinitariese formule nie. Geen enkele doopshandeling, geen genesing van die siekes, geen seën-sprekinge – absoluut niks, het in bybelse tye gepaard gegaan met die opsegging van die frase: "In die naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees" nie. Dit word eenvoudig net as vanselfsprekend aanvaar op grond van oorgeërfde kerklike tradisie!

Maar nou moet almal die Skrifte deursoek en laat geskied net soos dit aan ons voorgelê is. Wie die internasionale kerkgeskiedenis oor hierdie belangrike temas bewustelik bestudeer het, sou opmerk dat alles, volgens die voorbeeld van die apostels tot aan die einde van die tweede Christelike

eeu gedoen was, in die naam van die HERE Jesus Christus – soos dit aan ons ook oorweldigend in die Heilige Skrif nagelaat is vanuit die vroeë Christendom, deur die getuies van Jesus.

Hier staan ek, op die fondament van die apostels en profete. Ek kan nie anders nie! So help my, God!

## Waarom? Waarom?

Die volgende vrae is nie bedoel om te beledig nie, maar is bedoel vir selfbeproewing en 'n oproep tot duidelikheid van denke. Elke leser word liefdevol, maar ook met die nodige erns, verplig tot nadenke wat sal lei tot regstelling:

Waarom staan die woord 'Drie-eenheid' nie een keer in die Bybel nie?

Waarom staan 'Drie-enige God' nie een keer in die Bybel nie?

Waarom staan dit nie 'n enkele keer in die Bybel dat God bestaan uit drie persone nie?

Waarom het niemand aan 'n "Vader in die Hemel" gebid in die Ou Testament nie?

Waarom is dit nie 'n enkele keer in die Bybel "God die Seun" nie, maar die *"Seun van God"?*

Waarom is dit nie 'n enkele keer "God die Heilige Gees" nie, maar die *"Gees van God"*? Tog seker omdat God die uitgangspunt is. Die Heilige Gees is die Gees van God, is dit nie?

Waarom vind ons die woord-kombinasie "die HERE God" – "ELOHIM YAHWEH" meer as sesduisend keer in die Ou Testament, maar nie een keer in die Nuwe Testament, vanaf die Evangelie van Matthéüs tot met die brief van Judas nie – tensy daaruit aangehaal word (Luk. 1:32) – en eers weer in die profetiese boek Openbaring? In die Ou Testament is God die HERE maar in die Nuwe Testament lees ons: *"En God het ook die HERE opgewek en sal ons opwek deur Sy krag"* (1Kor. 6:14).

Waarom word "God" in die Briewe van die Apostels aangetoon as die Vader en "die HERE" as die Seun? Sekerlik omdat God onse Vader geword het deur Jesus Christus, onse HERE.

Waarom was gesê met betrekking tot die geboorte van die Seun: *"... en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader ..."* (Jes. 9: 5-6), maar nie 'n enkele keer "ewige Seun" nie?

Waarom is daar nie 'n enkele plek in die Bybel waar in die tydperk van die Ou Testament 'n 'Vader-Seun gesprek' plaasgevind het in die hemel nie? Tog seker omdat God toe nog nie Homself geopenbaar het as Vader in die Seun nie!

Waarom berig die Skrif nêrens enigiets oor die nosie dat God as 'n Vader die Seun in die ewigheid gegenereer en voortgebring het nie? Want dit het nie gebeur nie! Die geboorte van die Seun is aangekondig in die Ou Testament en het gebeur aan die begin van die Nuwe Testament. Dit is die goddelike bybelse waarheid! Daarom is daar van 'n 'vooraf-bestaan' van die Seun ook niks in die Bybel.

Waarom word ons beveel om te bid: *"Onse Vader wat in die hemel is, laat u Naam geheilig word ..."*? en hoekom bid ons net: "Hemelse Vader ..." en nie: "Hemelse Seun ..." nie? Want daar is geen hemelse Seun nie!

Waarom het die HERE God altyd net tot Homself gesweer: *"Ek sweer by Myself ..."* (Gen. 22:16; Ps. 89:36; Amos 6:8; Heb. 6:13; o.a.)? Seer sekerlik omdat daar buiten Hom geen ander goddelike persone was nie!

Waar in die Bybel staan daar: "Die Vader is ewig, die Seun is ewig, die Heilige Gees is ewig?" Nêrens, natuurlik! Hoe kan daar in die Woord van die waarheid ook iets onwaars wees? Dit is onmoontlik!

Waarom is daar nie 'n enkele keer in die Bybel: "Ere aan God die Vader, God die Seun en God die Heilige Gees!" nie? Dit kan nie gevolg word met "Amen" nie, want "Amen" beteken: "Laat dit so wees!", en so is dit net nie!

Waarom is daar nie 'n enkele keer in die Bybel "Skepper-Vader" nie? Wat het "Vader" te doen met die skepping? Of die Skepper met verwekte seuns en dogters? Teenoor die skepping is God die Skepper en teenoor Sy seuns en dogters is God "Vader".

Waarom het geen profeet in die Ou Testament óf die apostels in die Nuwe Testament verstaan dat *"Laat ons mense maak na **ons** beeld ..."* (Genesis 1: 26-28) die pluraliteit van die Godheid aandui nie? Want hulle was onder die leiding van die Gees.

Waarom het nie een van die apostels die doopsbevel van Matthéüs 28 herhaal nie maar dit verstaan en getrou daaraan, in die nuwe-

testamentiese verbondsnaam gedoop, waarin God geopenbaar word as Vader, Seun en Heilige Gees? Want die naam waarin ons gedoop moet word was aan hulle geopenbaar!

Gevolglik was gelowig-gewordenes in die vroeë Christendom en tot aan die einde van die tweede eeu in gevolge die Groot Opdrag korrek en alleen in die Naam van die HERE Jesus Christus gedoop (Hand. 2:38; 8:16; 10:48; 19:5; Rom. 6:3; ens) en nie een keer in die Trinitariese formule nie.

Verbasend word die Trinitariese formule oral gebruik waar daar valse christenskap uitgeoefen word, vir waarsêery, handlesery, vergaderings van spiritiste, vir alle vorme van heksery, magiese rituele en die okkulte, selfs vir die beëdiging van nuwe lede van verskeie Ordes. Die inswering met die beloftes van trou aan die Vrymesselaars word deur almal, selfs deur die Jode "in die naam van die Vader en van die Seun en van die Heilige Gees" gedoen.

Niemand mag onverskillig verby die feit kyk dat nie 'n enkele gebed of handeling in die Bybel, in die trinitariese formule plaasgevind het nie! Beproef alle dinge, ook dit wat deur byna al die Christene uitgeoefen word in die praktyk! Wat is eintlik van toepassing? God se Woord of kerklike tradisies? Is die Bybel reg of die redenasie?

In die lig van al die veranderinge, interpretasies, herinterpretasies en vervalsinge moet daar die vraag toegelaat word: Waarom gaan predikers, evangeliste en bybel-leraars wat bely dat hulle die Woord van God in hulle mond het, blindelings voort met hul entoesiastiese, bevooroordeelde, onbybelse leringstradisies?

Hopelik sal al die lesers, na die blootlegging van al die afwykinge, God en Sy Woord met al hierdie punte teenoormekaar opweeg, sodat die regstelling kan plaasvind. Daar is geen ander manier nie: almal en alles moet voor die gerig van God gebring word – en die waarskuwing moet nou gegee word, nie eers wanneer dit te laat is nie!

Al hierdie bevraagtekende aspekte word duidelik aan die lig gebring deur God se Woord. Daar is absoluut geen ruimte vir argumentering nie. Die vyand het die gelowiges lank genoeg mislei. Nou bly daar net die belangrikste vraag oor: Wat is die waarheid oor die Drie-eenheid / Drie-voudigheid? **Die waarheid is dat dit in die ewigheid glad nie bestaan het nie, ook nie in die loop van tyd nie en sal in der ewigheid ook nooit so wees nie!**

Met alle duidelikheid moet daar ook gevra word: Waarom is die Skrif ook nie vertroud met die 'Jesus Only' lering nie? Omdat dit óók onbybels is! Hoe kan die Seun wat gebore is, Sy eie Vader wees, en hoe kan Hy gebid het tot Homself, ens? Die aankondiging vanuit die hemel was dan: *"Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het"* (Matt. 3:17; 17:5). En slegs diegene wat getuig van Jesus Christus as die eniggebore Seun van God, het die ewige lewe (Joh. 3:36). ***"En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enige waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het"*** (Joh. 17:3). So godslasterlik soos die 'Drie-enige' lering is, so verkeerd is ook die 'Jesus Only' lering. Slegs die alles-omvattende, alles-insluitende getuienis van die Skrif waarin God aan ons geopenbaar is in Sy menigvuldigheid, is van toepassing. In die Nuwe Testament openbaar God Homself as Vader in die Hemel oor ons, in die Seun op aarde onder ons en deur die Heilige Gees in ons. Dit is vir ons die onbegryplike, onverklaarbare verborgenheid van God waarvan Paulus skryf: *"En, onteenseglik, die verborgenheid van die godsaligheid is groot: God is geopenbaar in die vlees, is geregverdig in die gees, het verskyn aan engele, is verkondig onder die heidene, is geglo in die wêreld, is opgeneem in heerlikheid"* (1Tim. 3:16).

Wanneer God se in-ewigheid-vasgestelde Plan van Verlossing met al Sy seuns en dogters voleindig word, lei die openbaring van die Seun in die vervulling terug na God, waaruit Hy kom: ***"En wanneer alles aan Hom onderwerp is, dan sal ook die Seun self Hom onderwerp aan die Een wat alles aan hom onderwerp het, sodat God alles in almal kan wees"*** (1Kor. 15:28). O die diepte van die goddelike verborgenhede: God in Christus en Christus in ons – die hoop van die heerlikheid!

Al die beloftes uit die Ou Testament, vanaf Genesis 3:15 tot Maleági 3:1 – met betrekking tot die koms van die Seun – word vervul aan die begin van die Nuwe Testament. Of is daar iemand wat dit wil ontken?

2Sam. 7:14 is vervul: "*Ek sal vir Hom 'n Vader wees, en hy sal vir My 'n Seun wees ..."* (Heb. 1:5b).

Psalm 2:7 is vervul: *"U is my Seun, vandag het Ek self U gegenereer"* (Heb. 1:5a).

Psalm 22:10 is vervul: *"Ja, u is dit wat my uit die moederskoot uitgetrek het ..."*.

Psalm 89: 27-28 is ook vervul: *"Hy is dit wat My sal noem: U is my Vader, my God en die rots van my heil! Ja, Ek sal hom 'n eersgeborene maak, die hoogste onder die konings van die aarde"*.

Ook is Jesaja 7:14 vervul: *"Daarom sal die HERE self aan julle 'n teken gee: Kyk, die maagd sal swanger word en 'n seun baar en hom Immanuel noem".*

Die aankondiging was: *"En sy sal 'n seun baar, en jy moet Hom Jesus noem ..."* (Matt. 1:21; Luk. 1:31).

*"... dat vir julle vandag in die stad van Dawid gebore is die Saligmaker wat **Christus, die HERE**, is"* (Luk. 2:11). Miga 5: 1-2 was vervul en die Verlosser was gebore in Bethlehem (Matt. 2:1).

Altesame was daar by die eerste koms van Christus 109 profesieë in vervulling. Maar die skrifgeleerdes wat God se Woord elke dag bestudeer het, het dit nie begryp nie. Hulle het verhard in hul interpretasies en in hul eie idees. Hoewel hulle gretig gewag het vir die koms van die Messias en daardie hoop aan die lewe gehou het onder die mense, het hulle hom nie herken toe hy kom nie (Joh. 1), sodat hulle hom weerspreek het by elke geleentheid. Al hulle offerandes, die sing van psalms, die samekomste met die plegtige eredienste – alles was tevergeefs. Is dit nie nou 'n herhaling met die meerderheid van gelowiges wat wag op die wederkoms van Christus nie? Dit lyk heeltemal of dit so is.

Die HERE self het ons op openbaring heengewys, waarsonder niemand, waarlik niemand, wie hy ookal mag wees – by God is geen uitsonderings nie – hierdie groot verborgenheid van God in Christus kan sien nie. Daarom is dit geskrywe: *"Alles is aan My oorgegee deur my Vader, en niemand ken die Seun nie, behalwe die Vader; **ook ken niemand die Vader nie, behalwe die Seun en elkeen aan wie die Seun dit wil openbaar**"* (Matt. 11:27). Hy wil Homself nou ook daartoe wend soos dan: *"En Hy het Hom omgedraai na sy dissipels en afsonderlik aan hulle gesê: **Salig is die oë wat sien wat julle sien**"* (Luk. 10:23). Geen studie is voldoende, maar openbaring is nodig vir die verborgenheid van God in Christus, en vir al die verborgenhede van die koninkryk van God. Die apostel Paulus het wat hy gestudeer het later letterlik as drek beskou (Fil. 3). Vir hom het dit eerder veel meer daarom gegaan om die HERE in Sy opstandingskrag te leer ken. Hy kon, na hy in die bediening geplaas was, skryf van die openbaring wat hom toebedeel was: *"... waardeur julle, as julle dit lees, my insig in die verborgenheid van Christus kan verstaan"* (Efé. 3:4).

Elke dienskneg wat deur God geroep is, sal dieselfde ervaring ondervind. Sonder om aanstoot te gee, moet daar gesê word dat selfs die term 'teologiese studie', wat beteken 'om God te bestudeer', vergesog is.

Wie kan God bestudeer? Van die begin af het God Homself aan Sy volk geopenbaar – en Hy wil Homself ook aan ons openbaar.

## Wat is werklik heilig?

As 'n sendeling wat na elke vasteland gereis het vir meer as vier dekades, sonder onderbreking, weet ek dat die mense van alle gelowe en kulture baie dinge as heilig beskou. Vir sommige is dit die 'heilige koei' of die 'heilige berg', vir ander weer, die 'heilige water' of, die 'heilige tempel', die 'heilige pelgrimstog' of die 'heilige profeet', die 'heilige tradisie' of wat ookal. Maar wat beteken dit alles of wat het dit alles te doen met God? Natuurlik, niks nie! Vir die bybelgetroue gelowiges is net God alleen heilig en almal wat deur Hom geheilig word in die waarheid van Sy Woord, soos dit geskryf is: *"... wees heilig, want Ek is heilig"* (Lev. 11:44; Lev. 19:2; 1Pet. 1:16). Daar is geen heiligmaking deur die wil van 'n mens nie, want daar is geskrywe: ***"Deur hierdie wil is ons geheilig deur die offer van die liggaam van Jesus Christus, net een maal"*** (Heb. 10:10). Vir die wat aan Hom behoort, bid die Verlosser: *"Heilig hulle in u waarheid; u Woord is die waarheid ...".* Hy tree met die hoëpriesterlike gebed vir hulle in: ***"En Ek heilig Myself vir hulle, sodat hulle ook in waarheid geheilig kan wees"*** (Joh. 17: 17,19). Dit is ook geskryf: *"Jaag die vrede na met almal, en die heiligmaking waarsonder niemand die HERE sal sien nie"* (Heb. 12:14). Self-heiligmaking deur geregtigheid uit werke, is selfbedrog.

In al die kerke van die Christelike wêreld word alles beskou as heilig en wat die mees heiligste is, is hul tradisies en wat elke kerk glo en leer. Daarom is alles gefokus op hul eie onderrig, dit wat vir hulle heilig is, word beskou as hul oogappel en hulle wil dit rein hou. Elkeen wat hul geloof aantas – dit wat vir hulle heilig is – kan vinnig 'n 'kind des doods' wees. Dit is wat Jan Hus ondervind het toe hy verbrand was op 6 Julie 1415 in Konstanz, Duitsland, onder die gelag van die raadsvaders. Ook Michel Servetus, wat skuldig bevind was in 1553 in Genève en in die openbaar veroordeel en tereggestel was, omdat hy die leer van die Drie-eenheid verwerp het. Ware diensknegte van die HERE gebruik net die *"wapenrusting van God"*, soos in Efésiërs 6 beskryf word, en dit sluit in die swaard van die Gees, naamlik, die Woord van God. Nie 'n enkele keer het 'n dienskneg van die HERE aardse geweld toegepas nie, maar slegs die woord verkondig en het die uitwerking daarvan aan God oorgelaat. Net wat van God af kom, lei terug na Hom. Net wat in die Bybel is, dra die handtekening van God.

Satan, die owerste van hierdie wêreld, het nog altyd daarin geslaag om verwarring te saai, en bied diegene wat die verantwoordelikheid op die godsdienstige en politieke terreine dra, die koninkryke van hierdie wêreld met sukses aan, sodat hy heerskappy uitoefen op die aarde. Toe hy Christus dit aanbied, het die Verlosser dit egter verwerp (Matt. 4: 1-11). Na die stigting van die staatskerk is redding 'n instelling daarvan gemaak en was hul volgelinge nie meer afhanklik van die persoonlike geloof in Jesus Christus nie, waarin alleen die ware redding is. Hierdie aanspraak, aangaande die saligmaking, is min of meer waar van al die groot staats- en nasionale kerke en alle denominasies in alle lande. Nie net die Roomse Kerk nie, maar ook al die ander, waarborg hul lede saligheid en die skenking van verlossing op hul eie maniere. Die Katolieke Kerk is ten minste 'eerlik' en sê aan die bedroefdes wat geliefdes aan die dood afstaan dat, ten spyte van al die mooie sakramente, hulle in vagevuur boetes doen. Die Heilige Skrif ken natuurlik glad nie die leer van aflate nie en ook niks van 'n vagevuur nie.

Die Skrif ken ook geen salig- of heiligverklaring van afgestorwenes nie. Net diegene wat onder die lewendes is, kan begenadiging in Christus en volle verlossing aanvaar en word so salig verklaar en geheilig. Vanaf die Saligsprekinge in die Bergrede, tot die laaste hoofstuk van die Bybel, Openbaring 22:7 en 14, word slegs die lewendes deur die HERE alleen salig gespreek – dit is hulle wat in Hom glo, soos die Skrif sê (Joh. 7:38). Merkwaardig is die saligverklaring aan Petrus: *"**Salig is jy**, Simon Bar-Jona, want vlees en bloed het dit nie aan jou geopenbaar nie, maar my Vader wat in die hemele is"* (Matt. 16:17).

Met Maria was die saligspreking in verband met haar geloof in die belofte: ***"En salig is sy wat geglo het, want die dinge wat deur die HERE aan haar gesê is sal vervul word"*** (Luk. 1:45). Die oë en ore van die ware dissipels van Jesus word salig verklaar: ***"Maar julle oë is gelukkig, omdat hulle sien; en julle ore, omdat hulle hoor"*** (Matt. 13:16). In die inleiding tot die laaste boek lees ons: ***"Salig is hy wat die woorde van die profesie lees, en die wat dit hoor en bewaar wat daar geskrywe is, want die tyd is naby"*** (Openb. 1:3). En dan hoor ons die alles-omvattende seën van die volmaakte regverdiges, *"Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding ..."* (Openb. 20:6). Saligsprekinge van mense het geen waarde, want hulle het geen bybelse basis. Selfs hierdie praktyk behoort aan die beskuldigdebank.

## Vir Besinning

Gegewe die naderende wederkoms van Christus, moet ons hoofsaaklik gemoeid wees met die behoorlike kennis van God en die bekendmaking van alle basiese leringe van die nuwe-testamentiese Gemeente. Dit sluit in die bybelse doop van die gelowig-gewordenes, wie die vergifnis van hul sondes ontvang, asook die bybelse nagmaal ter gedagtenis aan die versoening met God, totdat die HERE kom (1Kor. 11:26). Al die bybelse leringe moet weer bybels-korrek gestel word. Almal moet weer edelmoedig wees, soos in Beréa (Hand. 17: 10-15) en die Skrifte deursoek om uit te vind of alles korrek gedoen word. Die ewige God, wat homself aan ons persoonlik geopenbaar het in Jesus Christus, kan deur Sy Gees aan elkeen die nodige duidelikheid gee. Hy alleen kan ons lei uit die hopelose Babelse verwarring en dwaling. Vir ewig waar is: *"... **God moet waaragtig wees** en elke mens leuenagtig, soos geskrywe is: Sodat U geregverdig kan word in u woorde en oorwin as u gerig hou"* (Rom. 3:4). Ons is slegs oorwinnaars as die Woord alleen ons getuienis is en wanneer ons persoonlik en alleenlik deur waaragtigheid deurdring is. *"... **aangesien dit inderdaad een God is** wat die besnedenes sal regverdig uit die geloof en die onbesnedenes deur die geloof"* (v.30).

God is die ENIGE EEN, soos geskrywe is. Hy is nie met al ons kennis en ons verstand verstaanbaar in Sy verskillende manifestasies nie. *"Maar sou God werklik op die aarde woon? Kyk, die hemel, ja, die hoogste hemel kan u nie bevat nie ..."* (1Kon. 8:27). Reeds aan die begin het Hy in ‘n sigbare gestalte gewandel – alles is daargestel deur Sy almagswoord, en ook terselfdertyd, gedryf deur die Gees van God, is lewe voortgebring in die dieptes. God kan gelyktydig in die hemel en op die aarde wees – inderdaad is Hy alomteenwoordig. Hy kan in 'n liggaamlike vorm wees en ook terselfdertyd as Gees bokant die aarde sweef, want Hy is Gees. *"Jy self het dit te sien gekry, dat jy kan weet **dat die HERE God is; daar is geen ander buiten Hom nie. Uit die hemel het Hy jou sy stem laat hoor om jou te onderrig; en op die aarde het Hy jou sy groot vuur laat sien**, en jy het sy woorde uit die vuur gehoor ... daarom moet jy vandag weet en ter harte neem **dat die HERE God is, bo in die hemel en onder op die aarde; daar is geen ander nie**"* (Deut. 4: 35,36,39). Hy kan op die Troon sit en in ‘n vuur op die berg Sinai neerdaal en daar met Moses van aangesig tot aangesig verkeer, maar Sy stem uit die hemel uiter. ***"Op die berg Sinai het u neergedaal en met hulle gespreek uit die hemel ..."*** (Neh. 9:13). Hy kan op die Troon sit, en gelyktydig in die wolk en vuurkolom Israel 40 jaar lank persoonlik

begelei. ***"En die HERE het voor hulle uitgetrek**, bedags in 'n wolkkolom om hulle op die pad te lei, en snags in 'n vuurkolom om hulle voor te lig, sodat hulle dag en nag kon trek. Die wolkkolom het nie bedags en die vuurkolom nie snags voor die volk gewyk nie"* (Exo. 13: 21-22). Die HERE God kan Homself persoonlik in Sy menigvuldigheid openbaar, sonder om 'n ander persoon te word. Hy is die Skepper, Onderhouer, Koning, Redder, Regter, en vele meer, maar bly egter altyd dieselfde.

*"**God is Gees**; en die wat Hom aanbid, moet in gees en in waarheid aanbid"* (Joh. 4:24).

God is die ENIGE EEN: "*En die middelaar **is nie net vir een nie; Maar God is een**"* (Gal. 3:20). *"Want daar is **een God** en **een Middelaar** tussen God en die mense, **die mens Christus Jesus**"* (1Tim. 2:5). Watter mens wil dit nog waag om voort te gaan om te praat van drie persone, nadat hy die ware getuienis gehoor het, dat God "die ENIGE EEN" is?

Hy is die Enige, die Onsigbare: "*Aan die Koning van die eeue, die onverderflike, onsienlike, **alleenwyse God**, kom toe die eer en die heerlikheid tot in alle ewigheid!"* (1Tim. 1:17). Wie kan nog, in die aangesig van sulke duidelike stellings, dit waag om nog eenmaal die woord 'drie-eenheid' in die mond op te neem as die Skrif van die 'enige' God getuienis aflê?

*"... **aan die alleenwyse God**, ons Verlosser, kom toe heerlikheid en majesteit, krag en mag, nou en tot in alle ewigheid! Amen"* (Jud. 25). Ja, ons stem saam met die ware getuienis van die apostels dat die 'enige' God het deur Jesus Christus, ons Verlosser geword. Amen. Amen.

*"**God is lig**, en geen duisternis is in Hom nie. As ons sê dat ons met Hom gemeenskap het en in die duisternis wandel, dan lieg ons en doen nie die waarheid nie"* (1Joh. 1: 5-6). Slegs diegene wat werklik wandel in die lig van die Woord, kan ware gemeenskap met God het.

God is die enigste Heerser, wat alleen onsterflikheid het: *"... **deur die salige en enigste Heerser**, die Koning van die konings en HERE van die here, **wat alleen onsterflikheid besit en 'n ontoeganklike lig bewoon, wat geen mens gesien het of kan sien nie, aan wie toekom eer en ewige krag! Amen**"* (1Tim. 6: 15-16). Ja en Amen!

## God openbaar Homself

In ewigheid was God alleen in Sy volheid van Gees, Lig en Lewe. Reg aan die begin het Hy in 'n sigbare vorm verskyn, wat na verwys is as "Sy beeld".

Soos Hy Homself die eerste keer sigbaar gemaak het in die geesliggaam, soos ook die engele geestelike skepsels is, het Hy Homself so geskep op dieselfde manier in ‘n geesliggaam, in dieselfde vorm as Adam.

Eers het "die HERE God" die hemel en alles wat dit bevat geskape, toe die aarde en die see en alles wat daarin is. Die engele was altyd om hom in die hemel en op aarde. Eintlik het ons net nodig om die spore van God se openbarings te volg om te besef hoe Hy Homself bekend gemaak het in die Ou en Nuwe Testament.

Deurgans die Ou Testament, het "die HERE God" Homself herhaaldelik geopenbaar in 'n sigbare vorm. So sien Adam Hom, so ervaar Abraham Hom, so het Hy Homself aan Moses bekend gemaak, so het Jakob met Hom geworstel en so sien die profete Hom op Sy Troon. So ook die hele Skrif .

Diegene wie wil weet, byvoorbeeld, met wie God in die tuin van Eden gepraat het toe Hy gesê het: *"Laat **ons** mense maak na ons beeld, na ons gelykenis, ..."* (Gen. 1: 26-27), moet die toepaslike tekste in die Bybel lees wat praat van die "beeld van God" en waar die HERE God ook die "ons" gebruik om met die aanwesiges, wat in Sy beeld is, te praat.

In Génesis 3:22 het die HERE God gesê: *"Nou het die mens geword soos een van **ons** ...".*

In Génesis 11:7 het die HERE God gesê: *"Kom, laat **ons** neerdaal ...".*

Ook in Jesaja 6:8: *"... en wie sal vir **ons** gaan?"*

Soos Paulus gevra het: *"... wat sê die Skrif ...?"* (Rom. 4:3), moet ons ook vra in elke geval: "Wat sê die Skrif oor die onderwerp?" Ons moet wandel in die voetspore van die apostels; glo soos hulle geglo het; leer soos wat hulle geleer het; doop soos hulle gedoop het, ens. Sonder uitsondering, word elke bybelse vraag self en slegs deur die Bybel korrek beantwoord.

In Job 38 leer ons met wie God eintlik in Génesis gepraat het. Hy het aan Sy kneg gevra. ***"Waar was jy toe Ek die aarde gegrond het? ... Toe die môresterre saam gejubel en al die seuns van God gejuig het?"*** (vv. 4-7). Diegene wat aanwesig was by die skepping was die engele en die hemelse leërskare. Met die neerdaling om die gebooie te gee, was die engele ook teenwoordig. Die Skrif berig oral oor van net een wetgewer: "*Want die HERE is ons Regter, die HERE is ons Aanvoerder, ...*" (Jes. 33:22), nogtans was dit ook gesê: *"wat beteken die wet dan? Dit is bygevoeg weens die oortredinge, totdat die saad aan wie die belofte gedoen is, sou kom;* ***en dit is deur engele beskik deur tussenkoms van 'n middelaar"*** (Gal. 3:19). *"Want as die*

*woord* ***deur engele gespreek****, onwankelbaar was ..."* (Heb. 2:2). Die feit is dat die HERE van engele begelei was toe Hy neergedaal het op die berg en die gebooie gegee het. "*Dit is hy wat in die woestyn was* ***saam met die Engel wat met hom op die berg Sinai gespreek het****, en saam met ons vaders; hy het die lewende woord ontvang om aan ons te gee"* (Hand. 7:38).

Nie net aan die begin van die skepping en met die gee van die gebooie was die engele teenwoordig nie, maar ook met die aanvang van verlossing was engele teenwoordig. In Lukas 1 het Gabriel die geboorte van Johannes die Doper aangekondig. Vanaf vers 26 word ons vertel: *"En in die sesde maand is die engel Gabriël deur God gestuur na 'n stad in Galiléa met die naam van Násaret".* Hy het die geboorte van die Verlosser aangekondig. Toe het 'n engel aan die herders gesê: *"... dat vir julle vandag in die stad van Dawid gebore is die Saligmaker* ***wat Christus, die HERE, is*** *... en skielik was daar saam met* ***die engel*** *'n menigte van die hemelse leërskare wat God prys en sê: Eer aan God in die hoogte hemele en vrede op aarde, in die mense 'n welbehae!"* (Luk. 2: 8-14).

Nadat die Seun van God die toets van die versoeking oorkom het, is dit geskryf: *"Daarna het die duiwel Hom laat staan, en daar het engele gekom en Hom gedien"* (Matt. 4:11). In Johannes 20:12 was daar twee engele wat in die leë graf gestaan het, een aan die hoof en die ander aan die voetenent, wat die boodskap van die opstanding van die Gekruisigde Een oorgedra het. Dwarsdeur die Ou en Nuwe Testament word ons vertel van engele wat altyd teenwoordig was wanneer die HERE iets gedoen het.

Diegene wie die Bybel tot by Openbaring gelees het, is bewus van die talle berigte wat getuig dat God boodskappers in die hemel en op die aarde het en dat daar waar Hy heilsgeskiedenis maak, die bonatuurlike altyd op aarde gebeur. Johannes het ook op die eiland Patmos afgesluit met hierdie gedagtes: *"Hierdie woorde is betroubaar en waaragtig; en die HERE, die God van die heilige profete, het sy engel gestuur om sy diensknegte te toon wat gou moet gebeur"* (Openb. 22:6).

Ons sien die volledige ooreenstemming van die Ou en Nuwe Testament in hierdie verband. Vergesel deur twee engele het "die HERE God" Abraham besoek by die terpentynbome van Mamre (Gen. 18). Ook hier word hierdie verskyning verkeerdelik onder die "drie-persoon" lering vertolk. Omdat Abraham skielik drie manne gesien het (v.2), word die bewering gemaak dat dit die 'Heilige Drie-eenheid' aandui. Maar dit was egter nie 'n heilige, óf onheilige 'Drie-eenheid' nie – dit was die HERE met twee engele; so word dit getuig vir ons in die Heilige Skrif.

Abraham het aan hulle 'n maaltyd bedien, ***"en hulle het geëet"*** (v.8). Verder word ons vertel: "***Daarop sê die HERE****: Sal Ek vir Abraham verberg wat Ek gaan doen ...? Toe het* ***die manne*** *daarvandaan weggedraai en na Sodom gegaan,* ***maar Abraham het nog bly staan voor die aangesig van die HERE*** " (v. 9, 10, 13, 16-17 en 22).

In hoofstuk 19 word die twee mans weer twee engele genoem: *"En* ***die twee engele*** *het in die aand in Sodom aangekom, terwyl Lot in die poort van Sodom sit; en* ***toe Lot hulle sien, het hy opgestaan om hulle tegemoet te gaan en hom gebuig met sy aangesig na die aarde toe***" (v.1). Die woord "engel" beteken in ons taal 'bode' of 'boodskapper'.

Die twee engele is toe weer 'die manne' toe die hele stad saamgekom het by die huis van Lot en vir hom gevra het: *"****Waar is die manne*** *wat vannag na jou gekom het? Bring hulle na ons toe uit, dat ons hulle kan beken!"* (v.5). Lot smeek toe dat hulle sy besoekers geen leed aandoen en bied selfs sy dogters aan die homoseksuele goddelose. Hy het gepleit: ***"Net aan hierdie manne moet julle niks doen nie ...!"*** (v.8).

Die punt is dat ons voor oog moet hou dat God van die begin af omring was deur engele, in mensgestalte. "Die HERE God" homself verskyn sowat 70 keer as *"Engel van die HERE"*, as *"Engel van God"*, as *"Engel van die verbond"* (Exo. 6; Mal. 3:1; Hand. 7: 30-38.) en as die *"Engel van Sy Aangesig"* (Jes. 63:9).

In Génesis 28 word ons vertel van Jakob se bonatuurlike ervaring met God. Hy het 'n leer gesien wat vanaf die aarde strek tot aan die hemel. *"En kyk, die HERE het bo-aan gestaan en gesê: Ek is die HERE, die God van jou vader Abraham en die God van Isak. Die land waar jy op lê en slaap, sal Ek aan jou en jou nageslag gee ..."* (v.13).

In Génesis 32 was die HERE nie meer bo-aan die leer nie, maar hier op aarde. So word ons vertel: ***"En 'n man het met hom geworstel*** *tot dagbreek ... En Hy het hom daar geseën. Toe noem Jakob die plek Pniël; want, het hy gesê,* ***ek het God gesien van aangesig tot aangesig****, en tog is my lewe gered"* (vv. 24-31).

Die woord 'Pni-el' beteken in ons taal 'gesig van God'. God was so werklik in die vorm van 'n engel teenwoordig op daardie oomblik dat Jakob hom omhels het soos 'n man en met Hom in 'n worsteling was en 'n slag op die heup toegedien was. Hy ervaar God persoonlik – vir hom het die son opnuut opgekom en uit die ou Jakob, die onderkruiper, kom toe 'n nuwe "Isra-el", 'n "stryder van God" tevore.

Die profeet Hosea weergee die ervaring van Jakob so: *"... en in sy manlikheid het hy* ***met God*** *geworstel. Ja, hy het met* ***die Engel*** *geworstel en die oorhand gekry, hy het geween en Hom gesmeek. By Bet-el het hy Hom gevind, en daar het Hy met ons gespreek.* ***En die HERE God van die leërskare, HERE–JAHWEH is sy gedenknaam***" (12: 4-6).

Wat 'n wonderlike beskrywing! Hy worstel met die Engel, die een wie terselfdertyd die HERE, die God van die leërskare is, wie se naam *Jahweh* – die Ewige, is.

Ons roep Moses as die volgende ware getuie op, wie ook 'n bonatuurlike belewenis met God gehad het in Exodus 3: *"Daarop verskyn* ***die Engel van die HERE*** *aan hom in 'n vuurvlam ... En* ***toe die HERE sien*** *dat hy nuuskierig nader kom,* ***roep God na hom*** *uit die doringbos en sê: Moses, Moses! En hy antwoord: Hier is ek. En Hy sê: Moenie nader kom nie! Trek jou skoene van jou voete af, want die plek waar jy op staan, is heilige grond. Verder sê Hy:* ***Ek is die God van jou vader, die God van Abraham, die God van Isak en die God van Jakob****. Toe het Moses sy aangesig verberg,* ***want hy was bevrees om God aan te sien****"* (vv. 2-6).

Al drie terme word gebruik vir dieselfde persoon: Engel van die HERE, want Hy het 'n boodskap gebring; HERE, want Hy is die enigste heerser; God, want Hy is die enigste aanbiddingswaardige, aan wie alle eer in ewigheid toekom.

Moses wou ook die naam van God ken, wat aan sy vaders Abraham, Isak en Jakob geopenbaar was. *"En God sê vir Moses:* ***EK IS WAT EK IS****".* Toe het Hy voortgegaan: *"So moet jy die kinders van Israel antwoord:* ***EK IS het my na julle gestuur****! Toe sê God verder vir Moses: Dit moet jy aan die kinders van Israel meedeel: Die HERE, die God van julle vaders, die God van Abraham, die God van Isak en die God van Jakob, het my na julle gestuur.* ***Dit is my Naam vir ewig, en dit is my gedenknaam van geslag tot geslag****"* (Exo. 3: 14-15).

In Exodus 6 word aan ons berig: ***"Verder het God met Moses gespreek en vir hom gesê: Ek is die HERE. En Ek het aan Abraham, Isak en Jakob verskyn as God, die Almagtige, maar met my Naam HERE het ek My nie aan hulle bekend gemaak nie"*** (vv. 2-3). Voor die verbondsluiting met Israel, het God Sy verbondsnaam geopenbaar. Die "EK IS" is *"Ek is JHWH"*; so staan die Naam van die Almagtige in die Hebreeuse teks as 'n tetragram. Daaruit kom die naam *JAHWEH*. In die verskillende bybelvertalings, was die naam "die HERE" opgeneem as 'n aanwysing daarvan, ander verkies "die EWIGE", ander weer, "JAHWEH". Maar in elke geval het dit een en dieselfde

betekenis, hoewel daar gesê moet word dat "JAHWEH" die korrekte benaming is. Dit is ook duidelik uit al die name wat begin of eindig met "Jah". Die HERE het nog altyd Homself voorgestel as JAHWEH-Jireh – "Die HERE sal voorsien" (Gen. 22: 13-14) tot by JAHWEH-Shammah – "die HERE is teenwoordig" (Esé. 48:35). Vir "God" is ELOHIM of selfs "El" voldoende: El Elyon – Die Allerhoogste God (Gen. 14:18), El-Shaddai – "die Almagtige God" (Gen. 17:1), El Olam – "die Ewige God" (Gen. 21:33), tot by El Gibbor – "die Sterke God" (Jes. 9:6). As El Shaddai openbaar God Homself hoofsaaklik tot met die daarlegging van die gebooie. Daarna speel Sy verbondsnaam JAHWEH die hoofrol. Immanu-el beteken "God met ons" en Hallelu-jah "Prys die HERE". Jesa-jah beteken "JAHWEH is Redder" en Dani-el beteken "God is Regter!". "El" word altyd gekoppel met *God* en "Jah" met die *HERE*.

Dit is goed om te weet dat elke openbaring van God vanaf die begin van die heilsgeskiedenis betekenis het. So kan 'n mens die oorgang van die Ou na die Nuwe Testament sonder probleme sien. Die nuwe-testamentiese verbondsnaam, Jesus – in die Hebreeuse taal, JAH-SHUA – getuig direk wie dit is wat kom, naamlik *Jahweh-Redder, "... want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos"* (Matt. 1:21). Dit is diep jammer en Gods-onwaardig dat die oorspronklike naam-betekenisse nie deur die bybelvertalers behou is nie. Hulle was taalkundig vaardige mense, maar, soos ons sien is dit nie genoeg nie. Dit moet aan ons gegee word deur 'n openbaring. Die Gees van God alleen deursoek die dieptes van God (1Kor. 2: 10-16) en lei ons in alle waarheid (Joh. 16: 7-15, onder andere), dws, in die verborge geheimenisse van die goddelike raadsbesluite (Efé. 3: 1-5, onder andere).

## Een sit op die Troon!

In die dae van koning Agab het die profeet Miga die HERE op Sy Troon gesien. Miga was nie 'n "kerk profeet" nie, maar 'n ware profeet van God, wat gesê het: *"Daarom, hoor die woord van die HERE:* ***Ek het die HERE sien sit op sy troon, terwyl al die hemelse leërskare aan sy regter- en sy linkerhand staan****"* (2Kron. 18:18). Die profeet het net een HERE sien sit op die troon, en hy was omring deur engele.

Jesaja is nog 'n getuie wat sy wonderlike ervaring met ons deel: *"In die sterfjaar van koning Ussía* ***het ek die HERE sien sit op 'n hoë en verhewe troon****, terwyl sy some die tempel gevul het ... Daarop hoor ek die* ***stem van die HERE wat sê****: Wie sal* ***Ek*** *stuur? En wie sal vir* ***ons*** *gaan? Toe antwoord ek:* ***Hier is ek, stuur my****"* (Jes. 6: 1-3 + 8).

Ons roep die profeet Jesaja weer as 'n getuie. In elk van God se openbaringe vind ons die "EK IS": "EK IS die HERE, die Een wat in Homself bestaan, dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid". *"... 'n Ewige God is die HERE, Skepper van die eindes van die aarde ..."* (Jes. 40:28). ***"... dat dit EK IS: voor My is geen God gevormeer nie, en ná my sal daar geeneen wees nie. Ek, Ek is die HERE, en is daar geen Heiland buiten My nie ... en Ek is God"*** (43: 10-12). ***"Ek is die Eerste en Ek is die Laaste, en buiten My is daar geen God nie"*** (44: 6). ***"Ek is die HERE, en daar is geen ander nie. Buiten My is daar geen God nie"*** (45:5). ***"... dit is Ek; Ek die Eerste, ook is Ek die Laaste"*** (48:12, ens.). Uit al die bybelse bewyse is dit duidelik dat daar altyd net die **EEN** is, buiten wie daar geen ander is nie.

Die profeet Esegiël, wie se naam 'God is krag' beteken, vertel ons van sy bonatuurlike ervaring: *"En bokant ... iets wat soos saffiersteen gelyk het, in die gestalte van 'n troon; en op hierdie troongestalte,* ***'n gestalte wat soos 'n man gelyk het*** *... So het die verskyning van die heerlikheid van die HERE gelyk. En toe ek dit sien, het ek op my aangesig geval* ***en die stem gehoor van die Een wat spreek****"* (Esé. 1: 26-28).

Ja, die gestalte van die HERE God is die van 'n man, net soos Hy in die tuin van Eden gewandel het. Die boog van die verbond was oor die EEN wat op die troon sit. Hy is die God van die verbond; Hy het 'n verbond met Israel gemaak as 'n Engel van die verbond (Hand. 7:33-38). In Openbaring 10 sien ons die HERE met die verbondsboog oorhoofs wat, as die regmatige eienaar, Sy een voet op land en een voet op die see plaas. Hy het ook 'n verbond met die nuwe-testamentiese Gemeente gesluit (Matt. 26: 26-29) met Sy verbondsnaam YAHSHUA/Jesus, as Verlosser. In die Ou Testament het die profete die koms van verlossing en van die Verlosser aangekondig. In die Nuwe Testament word die gesamentlike profesieë 'n ervare werklikheid.

Nie een keer word daar verskeie goddelike figure of persone op die troon gesien nie. **Dit was altyd *die een ewige God*, wat as "HERE" in 'n sigbare vorm was**. Die profeet Daniël het nie twee goddelike persone op die troon gesien nie (7: 9-14). Hy het gesien hoe die stoele reggesit was vir die finale oordele en die Regter Sy plek inneem in die vorm van die eerwaardige Oue van dae. In verband met die Oordele sien hy die Seun van die mens kom met die wolke van die hemel, en verskyn voor die Eerwaardige Regter. In die Nuwe Testament lees ons oor die koms van die Seun van die mens: *"En wanneer die Seun van die mens in sy heerlikheid kom en al die heilige engele saam met Hom, dan sal Hy op sy heerlike troon sit"*

(Matt. 25:31). As Seun van die mens, Hoëpriester en Advokaat, bly Hy aan die regterhand van God totdat al Sy vyande die voetbank van Sy voete word (Heb. 2: 5-9). Dit kan gelees word op verskeie plekke: ***"Sit aan my regterhand totdat Ek u vyande maak 'n voetbank vir u voete"*** (Efé. 1: 17-23; Ps. 110:1; Hebr. 2: 5-9 o.a.). So lui die woord van belofte.

Kom ons hoor ook die getuienis van Stefanus: *"Maar Hy was vol van die Heilige Gees en het die oë na die hemel gehou, en die heerlikheid van God gesien en Jesus wat staan aan die regterhand van God. En hy het gesê: "Ek sien die hemele geopend en die* ***Seun van die mens*** *aan die regterhand van God staan!"* (Hand. 7: 55-56). Vanaf Sy menswording tot aan die einde sien ons ons geliefde Verlosser in Sy verskeie taak-verteenwoordigings naas God. In die Seun moes al die simboliese beelde van die Ou Testament verwerklik word. <u>As "Seun van God" is Hy die Verlosser, as "Seun van die mens" is Hy Profeet. As "Seun van Dawid" is Hy Koning. As "Seun van Abraham" is Hy die erfgenaam van die wêreld</u> – deur Hom het ons erfgename van God en mede-erfgename met Christus geword.

<u>Hy is "die Lam van God</u>", wat die sondes van die wêreld aan die kruis gedra het. <u>Hy is "die Middelaar van die nuwe verbond</u>" (Heb. 8:6), <u>Hy is "die Hoëpriester</u>", wat met Sy eie bloed in die hemelse heiligdom ingegaan het, en dit aangewend het op die versoendeksel (Heb. 9: 11-12 ). <u>Hy is "die Advokaat</u>" wat ons by die Vader verteenwoordig (1Joh. 2:1). Hy het alles vir almal geword, sodat almal wat in Hom glo, alles kan wees deur Hom. Slegs geloof in Jesus Christus is die ware geloof in God. God was in Christus en het die wêreld met Homself versoen (2Kor. 5).

Die Heilige Skrif is geskryf in die perfekte orde van verlossing. Elke stelling moet net so gelaat word soos dit geskryf staan en waar dit geskryf staan. Waar dit sê: "Seun van God", is dit waar dit hoort en moet onder geen omstandighede vervang word met "Seun van die mens" of "Seun van Dawid" nie. Indien dit sê: "Seun van die mens", mag dit onder geen omstandighede vervang word met "Seun van God" nie. Dieselfde geld waar "Middelaar" of "Advokaat" verskyn en met al die ander benoeminge. Alles en elke aanwysing is slegs van toepassing in die konteks waarin dit ookal geplaas word. Mense wat nie die ware Godserkenning gehad het nie, het 'n gemors gemaak van die Heilige Skrif en so God se Woord as ongeloofwaardig daargestel om hul eie interpretasies geloofwaardig te maak.

Ons kan ook gaan na die apostel Johannes, wie bevoorreg was om die openbaring van Jesus Christus te sien op die eiland van Patmos. Hy het die

stem van die Almagtige as basuin gehoor, toe hy in die Gees was op die "Dag van die HERE" (Openb. 1:10). Hy moes wat hy gesien het neerskryf en hy het, God Sy dank, dit getrou gedoen. Daarin word Jesus Christus aangebied as die getroue Getuie, die Eersgeborene uit die dode wat ons deur Sy bloed van al ons sondes verlos het en ons konings en priesters vir Sy God en Vader – wat inderdaad ook onse God en Vader is (Joh. 20:17; Heb. 2: 10-18, o.a.) – gemaak het, wat heenwys na Hom wat kom met die wolke, *"Kyk, Hy kom met die wolke, en elke oog sal Hom sien, ook hulle wat Hom deurboor het; en al die geslagte van die aarde sal oor Hom rou bedryf"* (Openb. 1:7). In die volgende vers stel Hy Homself voor as Hy wat self kom, maar hierdie keer nie as Seun van die mens nie, maar as die Almagtige: ***"Ek is die Alfa en die Omega… sê die HERE, wat is en wat was en wat kom, die Almagtige"*** (v.8).

In hoofstuk 4 het Johannes gesien hoe die deur na die hemel geopen is, en weer het hy die stem van die Almagtige as basuin gehoor, wat uitgeroep het na hom: *"Kom op hierheen, en Ek sal jou toon wat ná hierdie dinge moet gebeur. En dadelik was ek in die Gees, en kyk,* ***daar staan 'n troon in die hemel en Een sit op die troon****"* (vv. 1-2). Hy sien, net soos Jesaja, die Een wat op die troon sit en het dieselfde gehoor as die profeet in die Ou Testament, ***"Heilig, heilig, heilig is die HERE God, die Almagtige, wat was en wat is en wat kom!"*** (v.8).

Watter mens kan, in die aangesig van sulke duidelike en ware stellinge van die Skrif, nog steeds in die wanopvattings van 'n "Drie-personige-God" bly? Wie nog steeds aansien en erkenning onder mense soek, sal nie in staat wees om te buig onder die kragtige hand van God en Sy Woord nie. Maar diegene wat glo soos die Skrif sê, ontvang die goddelike openbaring en aanvaar die regstelling.

## Van God uitgegaan

*"**In die begin*** – nie in die ewigheid, wat geen begin en geen einde het nie – ***was die Woord****. En die Woord was by God ..."* (Joh. 1:1). Dit verwys na die begin van tyd en na die hele Ou Testament. Die volgende teks praat van die Nuwe Testament: ***"En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon ..."*** (Joh. 1:14). In die voleinding bly dit: *"... en die Woord was God".* Die sleutel vir die regte begrip lê in die ooreenstemming van die Ou en Nuwe Testament. Die een wys na die toekoms en getuig van wat aan die kom is, die ander is die voortgesette teenwoordigheid totdat alles vervul is.

Dwarsdeur die Ou Testament sien ons Hom as HERE; in die Nuwe Testament, in Sy menswording as Seun – as die eersgeborene onder baie broeders. Sy getuienis as Seun aan die skrifgeleerdes destyds en vandag is: *"As God julle Vader was, sou julle My liefhet;* ***want Ek het uit God uitgegaan*** *..."* (Joh. 8:42). Gerig aan Sy dissipels toe en nou, sê Hy: *"want die Vader self, het julle lief, omdat julle My liefgehad en geglo het dat* ***EK van God uitgegaan het****. EK het* ***van die Vader uitgegaan*** *en in die wêreld gekom*". Daarop het hulle destyds geantwoord – en ons ook vandag: *"Nou weet ons dat U alles weet en nie nodig het dat iemand U iets vra nie. Daarom glo ons* ***dat U van God uitgegaan het****"* (Joh. 16: 26-33). In Sy hoëpriesterlike gebed sê die Seun: *"Want die woorde wat U My gegee het, het Ek aan hulle gegee, en hulle het dit ontvang en waarlik erken* ***dat Ek van U uitgegaan het****, en hulle het geglo dat U My gestuur het"* (Joh. 17: 6-8).

Die Seun, wat uit die Vader uitgegaan het, het die koms van die Heilige Gees, wat ook vanuit die Vader is, aangekondig in Johannes 14:16. *"Maar as die Trooster* – die Helper – *gekom het wat Ek vir julle van die Vader sal stuur,* ***die Gees van die waarheid wat van die Vader uitgaan****, sal Hy van My getuig"* (Joh. 15:26). In die Ou Testament het God gesê: *"En daarna* ***sal Ek my Gees uitgiet op alle vlees*** *..."* (Joël 2:28) – <u>in die Nuwe Testament het dit gebeur</u>. Alle profesieë, wat die geboorte van die Seun en die uitstorting van die Heilige Gees aangekondig het, is vervul. Dit het begin toe die Heilige Gees Maria oorskadu het en die Seun uit die Vader gekom het, wat nie die "Seun van die Heilige Gees" genoem was nie, maar wel die "Seun van God" (Luk. 1:35). Die verwekking van die Seun van God deur die Gees, was na Sy doop, toe Hy met die Heilige Gees gevul was (Matt. 3: 13-17). En so het in Hom die ganse volheid van God onder ons gewoon, soos geskrywe is: ***"Want in Hom woon al die volheid van die Godheid liggaamlik"*** (Kol. 2:9), sodat dit vervul kon word: ***"... en julle het die volheid in Hom wat die Hoof is van alle owerheid en mag"*** (v.10). Die voorloper het aangekondig dit wat ook sou gebeur het: *"Ek doop julle wel met water tot bekering; maar Hy wat ná my kom, is sterker as ek, wie se skoene ek nie waardig is om aan te dra nie. Hy sal julle doop met die Heilige Gees en met vuur"* (Matt. 3:11).

So word dit aan ons in Handelinge 2:33 getuig in verband met die uitstorting van die Heilige Gees. So kon Petrus praat van diegene wat geglo het, gedoop is en die gawe van die Heilige Gees ontvang het (Hand. 10: 44-48). In die 11de hoofstuk beklemtoon hy dit nog 'n keer, sodat almal dit vir ewig kan verstaan: *"En toe ek begin spreek,* ***het die Heilige Gees op hulle geval soos ook op ons in die begin. En ek het die woord van die HERE onthou, hoe hy gesê het: Johannes het met water gedoop, maar julle sal***

***met die Heilige Gees gedoop word"*** (vv. 14-18). So word dit toegedeel aan al die seuns en dogters van God: hulle hoor die Woord, aanvaar dit as 'n goddelike saad in hulle harte deur die oortuiging van die Heilige Gees (Jak. 1:18; 1Petr. 1:23). Tot 'n lewende hoop word hulle wedergebore en ervaar die "vulling" met die Heilige Gees.

Weer moet gevra word met watter reg die kerkvaders die duidelike en ware getuie van die Skrif kragteloos gestel het en menslike leringe as gebooie daargestel het. En dit moet verder gevra word waarom die Protestantse kerke in die onbybelse geloofsbelydenisse en die tradisionele leerstellinge bly. En dit moet ook gevra word of dit nie herhaal word dat die bouers die Grondsteen, wat ook die Hoeksteen is, naamlik die Alfa en die Omega, verwerp het nie. Dit is profeties vooruit gespreek oor diegene wat volgens hulle eie planne bou: ***"Die steen wat die bouers verwerp het, het 'n hoeksteen geword"*** (Ps. 118:22). Vir sommige *"... sal Hy vir julle 'n heiligdom wees ..."* en tog vir andere *"... 'n rots waar 'n mens oor struikel"* (Jes. 8:14). *"Daarom, so sê die Here HERE: Kyk, Ek lê in Sion 'n grondsteen, 'n beproefde steen, 'n kosbare hoeksteen wat vas gegrondves is; Hy wat glo, sal nie haastig wees nie"* (Jes. 28:16).

God het alles op die grondslag van geloof en openbaring gestel. So spreek die HERE Jesus in Matthéüs 21: *"Het julle nooit in die Skrif gelees nie: Die steen wat die bouers verwerp het, dit het 'n hoeksteen geword?"* Dit is waarom dit so gebeur dat Hy Sy kerk self bou (Matt. 16: 16-18), en dit is *"... wonderbaar in ons oë ..."* (Matt. 21:42). Die apostel Petrus het omvattend oor hierdie onderwerp geskryf in 1Petrus 2: 1-10.

Onder die direkte invloed van die bose mag is die ewige Woord van God geneutraliseer en die "Hoeksteen" genadeloos heen en weer gegooi. Maar nou moet die bybelse leerstellinge opnuut en onwrikbaar verorden word deur die direkte gesag van God se Woord en alles onbybels moet heeltemal verwerp word. Die "Sluitsteen" sal herstel word met die laaste magtige Heilige Gees bediening; met 'n vreugdevolle uitroep sal Hy Sy regmatige plek inneem (Sag. 4: 7+10). Alle bybelstudies, menings en interpretasies sal verbygaan, net die Woord van God bly vir ewig staan (Jes. 40:8; 1Pet. 1:25; Luk. 21:33). So spreek die HERE*"... wat van die begin af verkondig die einde, en vanaf die voortyd af wat nog nie gebeur het nie; wat sê: **My raad sal bestaan! En al wat my behaag, sal Ek doen** ... "* (Jes. 40:10).

Al die arbeiders wat werksaam is in die koninkryk van God het 'n groot verantwoordelikheid vir die siele wat aan hulle toevertrou is en kan nie afsydig staan teenoor waar hulle die ewigheid gaan spandeer nie.

Elke prediker moet homself vra van waar die leringe is wat hy verkondig. Die getuienis van die Verlosser is duidelik: *"Jesus antwoord hulle en sê:* ***My leer is nie myne nie, maar van Hom wat My gestuur het. As iemand gewillig is om sy wil te doen, sal hy aangaande die leer weet of dit uit God is, en of Ek uit Myself spreek****"* (Joh. 7: 16-17).

Kan dieselfde gesê word van vandag se predikers, evangeliste, pastore, leraars, ens? Dit laat ook die vraag of hulle 'n <u>direkte roeping en sending</u> deur die HERE ontvang het en dit toepas: *"****Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie iemand ontvang wat ek stuur****, ontvang My; en wie My ontvang,* ***ontvang Hom wat My gestuur het****"* (Joh. 13:20). Slegs dan kan daar werklik van hulle gesê word: "***Wie na julle luister, luister na My****; en wie julle verwerp, verwerp My; en wie My verwerp, verwerp Hom wat My gestuur het"* (Luk. 10:16). Op wie is ***"Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook"*** vandag werklik van toepassing (Joh. 20:21b)? Profete en apostels is gesante van die HERE.

‘n Filosofies-teologiese fakulteit is geskep in die plek van die goddelike openbaarde Woord; <u>die goddelike roeping is vervang deur 'n beroep</u>. Die skriftelike *"hulle sal almal deur God geleer wees",* is nie meer waar nie. Geloof is verander na filosofie, alhoewel Paulus selfs dan gewaarsku het: *"Pas op dat niemand julle as ‘n buit wegvoer deur die wysbegeerte en nietige misleiding nie, volgens die eerste beginsels van die wêreld en nie volgens Christus nie"* (Kol. 2:8).

Die oproep tot elke dienskneg van God is vandag nog: ***"verkondig die woord; hou aan tydig en ontydig; weerlê, bestraf, vermaan in alle lankmoedigheid en lering"*** (2Tim. 4: 1-5). So het Paulus met sy kollega Timotheüs gepleit. <u>Die dienskneg is nie die outoriteit nie, maar die Woord van God is die absolute en uitsluitlike goddelike gesag</u>.

## "I will build My Church"

Christus het net een Gemeente wat Hy self verlos het. Hy roep en verenig hulle nou uit al die nasies, stamme, tale en volkere. Hy bou ook self Sy Gemeente (Matt. 16: 16-18), en sal dit, Sy Eiendom-Gemeente, voltooi op die glorieryke dag van Sy wederkoms (Fil. 1:6, ens), *"... sodat Hy die gemeente voor Hom kon stel, verheerlik, sonder vlek of rimpel of iets dergliks; maar dat dit heilig en sonder gebrek sou wees"* (Efé. 5:27).

Hierdie is een van die belangrikste tydperke in die geskiedenis van die ganse mensdom. Die ewige evangelie word nou aan alle nasies verkondig

as 'n getuie (Matt. 24:14; Openb. 14:6). Terselfdertyd vind die wekroep plaas aan die lede van die ware Gemeente van die HERE, waarby Hy self aan Sy eie uitroep: *"... gaan onder hulle uit en sonder julle af, spreek die HERE; en raak nie aan wat onrein is nie, en Ek sal julle aanneem ..."* (2Kor. 6: 14-18; Openb. 18:4). Hierdie oproep word natuurlik net op ag gegee deur hulle wat eintlik en daadwerklik hul voorbereiding ervaar en dan deel sal wees van die Bruid-Gemeente. In die Gemeente is bedieninge geplaas met besondere funksies, soos daar geskryf staan: ***"En God het sommige in die gemeente gestel: in die eerste plek apostels, ten tweede profete, ten derde leraars ..."*** (1Kor. 12:28; Efé. 4: 11-16, ens). Sulke bedieninge kom nie uit 'n bybel- of kweekskool nie, maar is deur God self geroep.

Die apostel het geskryf van diegene bestem met ‘n goddelike roeping om die verborgenhede van die koninkryk van die hemele te verkondig: *"So moet ons dan beskou word* ***as dienaars van Christus en bedienaars van die verborgenhede van God. En verder word van die bedienaars vereis dat hulle getrou bevind moet word****"* (1Kor. 4: 1-2). Daarom moet aanklagte gehef word teen alles nie-bybels wat nog oral versprei word. Dit moet aan die lig gebring en vergelyk word met die Woord van God.

In die verloop van die kerkgeskiedenis was die Plan van Verlossing van God nie so duidelik en volledig bekend gemaak soos nou nie. Soos in die begin, met die eerste koms van Christus, is dit nou ook voor Sy wederkoms: Eerstens, het die beloofde profeet verskyn (Jes. 40:3; Mal. 3:1). Soos aan ons bevestig is in die vier Evangelies, was 'n man gestuur deur God om die weg van die HERE voor te berei en getuienis te gee van die Lig wat elke mens verlig. Toe verskyn die beloofde Verlosser en Saligmaker, wat deur Johannes die Doper voorgestel was.

Die HERE praat met Sy eie nou, soos destyds, vanuit die hele Woord, beginnende met Moses, die Psalms en die profete en gaan voort in die Nuwe Testament. Diegene wat doen wat Hy deur Sy Woord sê, aan hulle is dit geopenbaar om dit te verstaan (Luk. 24: 27-49). Wie nie glo nie, kan nie die openbaring daarvan sien nie. <u>Slegs geloof lei tot die openbaring deur die Gees</u>. Die HERE vra vir Sy dissipels nadat Hy aan hulle die betekenis van die gelykenisse geopenbaar het: *"Het julle al hierdie dinge verstaan? Hulle antwoord Hom: "Ja, HERE!" Toe sê Hy vir hulle:* ***Daarom is elke skrifgeleerde wat ‘n leerling geword het in die koninkryk van die hemele, soos 'n huisheer*** *wat uit sy skat nuwe en ou dinge te voorskyn bring"* (Matt. 13: 51-52).

'n Dienskneg wat deur die HERE aangestel is, verkondig nie gedeeltelike waarhede nie, maar letterlik die hele Raad van God. In die mond van al die godgeroepe dienaars, bly Sy Woord die waarheid, net soos dit uit Sy mond uitgegaan het (1Kon. 17:24). Nou bly "voedsel", "wil" en "werk" van God, wat tot voltooiing kom in die "Bruid-gemeente", weer soos dit was met die Bruidegom destyds: ***"Jesus sê vir hulle: My voedsel is om die wil te doen van Hom wat My gestuur het en om sy werk te volbring"*** (Joh. 4:34).

Ons moet nou die verklaring van ons HERE in Sy volle betekenis verstaan en ondervind: *"... mens sal nie van brood alleen lewe nie,* ***maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan****"* (Matt. 4:4). Die verklaring van die HERE God in hierdie verband lees: *"... daar kom dae, spreek die Here HERE, dat Ek 'n hongersnood in die land stuur, nie 'n honger na brood nie en nie 'n dors na water nie,* ***maar om die woorde van die HERE te hoor****"* (Amos 8:11). Ons moet bewus wees daarvan, dat in elke interpretasie van die Woord, is die gif van die slang wat lei tot geestelike dood. Dit gaan oor die oorspronklike aanduiding van die Woord, waarin die wil van God geopenbaar is. Dit is ook baie belangrik om te weet wat die HERE voorspel aangaande Sy koms as die Bruidegom en watter bediening dit voorafgaan. Dit behels hoofsaaklik die beloofde bediening van die profeet Elía deur wie die volle Woord en die wil van God vir die laaste tydperk geopenbaar word voor die verstryking van die tyd van genade. *"En Jesus antwoord en sê vir hulle:* ***Dis waar, Elia kom eers en sal alles herstel****"* (Matt. 17:11). Dit gaan ook oor die verwante leringsbediening wat die HERE beskryf het as: *"Wie is dan die getroue en verstandige dienskneg vir wie sy heer oor sy diensvolk aangestel het* ***om hulle hul voedsel op tyd te gee? ... Voorwaar Ek sê vir julle, hy sal hom oor al sy besittings aanstel****"* (Matt. 24: 45-47). So sien die restitusie daarna uit in die verwesenliking. So word die profetiese bediening verbind met die leraar-bediening, waardeur alles terug gebring word na die oorspronklike stand.

Leë woorde bevoordeel nog die spreker, nog die luisteraar. Paulus waarsku: *"Laat niemand julle met ydel woorde verlei nie ..."* (Efé. 5:6). Van ons Verlosser was gesê: *"Kyk, Ek kom – in die boekrol is dit van My geskrywe –* ***om u wil te doen, o God*** *"* (Hebr. 10: 7-10). Van die verlostes sê dit: *"En Hy steek sy hand uit oor sy dissipels en sê: Dáár is my moeder en my broers.* ***Want elkeen wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is****, dié is my broer en suster en moeder"* (Matt. 12: 49-50) En ook: *"Want julle het lydsaamheid nodig, om,* ***nadat julle die wil van God gedoen het****, die belofte te verkry"* (Heb. 10: 36-39). Die geestelike voedsel moet ons nou bereik om ons te versterk, sodat ons die wil van God kan doen. Om net te bid: *"Laat u*

*wil geskied ..."* is van geen nut nie. Soos met die Hoof, so moet God se wil in die voltooiing gedoen word deur die lede van die liggaam van Christus.

## Iemand moet dit sê

Iemand moet dit sê en die waarskuwing rig. In al die lande van die wêreld veg die verteenwoordigers van die onderskeie godsdienste vir hul eie sieninge, om hul onderrig en hul tradisies te verdedig as die 'leidende kultuur'. Almal stuur sendelinge oral wat ywerig werk. Ons het nie net baie wêreldgodsdienste nie, ons het 342 'Christelike kerke' verenig in die 'Wêreld Raad van Kerke', wat gestig is in Amsterdam op 23 Augustus 1948. Almal beroep hulle daarop dat hulle staatmaak op God en die Bybel, maar hulle leer en tree fondamenteel heeltemal anders op. Almal bou hul eie koninkryke en verwys na dit as die Koninkryk van God. Die Gemeente van Jesus Christus is nie begaan oor aardse erkenning nie, ook nie oor wêreldse mag nie, maar om te stry vir die bybelse geloof, wat van die begin af toevertrou is aan die heiliges en godvresendes (Jud. 3). Dit was die vermaning van die apostels destyds en dit is ook ons vermaning vandag. Die Woord van God moet in alles, as die *alleen geldige* erken word en al die interpretasies en leringe van mense, moet ontbloot word as die misleiding van die vyand. Dit maak geen sin as evangeliste preek oor die wederkoms van Christus en van die tekens van die einde van die tye en in die ou suurdeeg van die tradisionele, onskriftuurlike leerstellinge bly nie. Elke opregte, soekende persoon wat hierdie daarlegging lees moet bewus wees van wat hy aanpak. Almal moet weet dat Gods Woord nie leeg na Hom sal terugkeer nie, dit sal voorspoedig wees waartoe dit gestuur is (Jes. 55:11).

Iemand moet sê wat dit is wat regstelling nodig, en in staat wees om dit te doen in die naam van die HERE. Die hartseer feit is dat die Christendom nie eens agterkom dat ons in 'n algemeen vervalste geloof lewe en selfs daarin gebore is nie. Oral is daar interpretasies, maar nie die Woord nie!

Paulus, wie die ware evangelie verkondig het nadat hy 'n openbaring vanaf Jesus Christus ontvang het, het met 'n direkte verantwoordelikheid voor God, 'n vloek uitgespreek oor almal wat 'n ander evangelie verkondig (Gal. 1). Maar vandag praat byna almal van seëninge terwyl hulle 'n ander evangelie verkondig, sonder dat hulle bewus is daarvan. Ons moet verder vra: "Wat sê die Heilige Skrif?". Slegs hulle wat uit God is, word alleen die antwoord gegee wat geldig is uit die Woord van God. Al die ander sal voortgaan om in hul opinie-gerigte organisasies te bly en dit te verdedig.

Matthéüs 28:19 is veral misverstaan en willoos geïnterpreteer in die verloop van die kerkgeskiedenis – selfs deur aangeskrewe bybelvertalers – tot vandag nog: *"... en doop hulle in die Naam van die Vader, en die Seun en die Heilige Gees ..."*. Dieselfde geld ook vir die misbruikte woorde van onse HERE in Johannes 20:23 wat sê: *"as julle die mense hulle sondes vergewe, dan word hulle vergewe; as julle die mense hulle sondes hou, dan is dit gehou".* Ook ander onderwerpe is gedebatteer; feitlik elke leerstelling is grootliks misverstaan en verkeerdelik toegepas. In opdrag van God, word 'n aanklag nou daarteen gelê. As ons werklik opreg uit hierdie geestelike chaos wil kom, moet ons terug gaan na die begin, om te sien hoe die apostels die omstrede punte en temas verstaan en beoefen het – maar nooit oor gestry het nie.

Die apostel Johannes skryf: *"**Wat van die begin af was**, wat ons gehoor het, wat ons met ons oë gesien het, wat ons aanskou het en ons hande getas het ... getuig en verkondig (ons) aan julle..."* – nie wat verkeerdelik opgekom het van iewers af later nie. In die nuwe-testamentiese Gemeente het alles gebeur aan die begin soos Petrus dit beveel het, wie deur die opgestane HERE self aangestel is, en die sleutels van die koninkryk gegee was. In die heel eerste preek op Pinksterdag, het hy aan die soekendes die deur gewys en oopgemaak vir diegene wat geglo het. Hy het hulle die nou pad gewys wat lei tot die ewige lewe, deur bekering en die doop. So het hulle in gehoorsaamheid van die geloof bewustelik in die koninkryk van God ingegaan. Dit het presies ooreengestem met wat onse HERE in Matthéüs 28 gesê het, asook met die Groot Opdrag in die Evangelie van Markus: *"**Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word**; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word"* (Mark. 16:16).

Petrus het eerste die opdrag van die opgestane Een in die Evangelie van Lukas gevolg: *"... **en bekering en vergewing van sondes in sy Naam verkondig word aan al die nasies** ..."* (Luk. 24:47). In die eerste preek was dan ook vervul wat die HERE in die Evangelie van Johannes gesê het: ***"As julle die mense hulle sondes vergewe, dan word hulle vergewe; as julle die mense hulle sondes hou, dan is dit gehou"*** (Joh. 20:23).

Deur die verkondiging van die evangelie was vergifnis gepreek en diegene wat geglo het, het dit ervaar. Aan diegene wat geglo het, het die man van God van die eerste uur gesê: "Jou sondes is jou vergewe in Sy naam". Maar aan almal wat nie geglo het nie, was hy gedwing om te sê: "Jou sondes is jou nie vergewe nie". Geloof kom uit die prediking, en die prediking kom uit die Woord van God (Rom. 10). Diegene wat geglo het, is

van hul sondes verlos, diegene wat nie glo nie, se sonde was gehou. So geskied dit wat die HERE gesê het, onder die verkondiging van die evangelie van Jesus Christus, tot vandag toe nog. Die Groot Opdrag is korrek verkondig en in die eerste pinksterbyeenkoms uitgevoer soos dit gesamentlik in die vier Evangelies geskryf staan! Eerstens was die verkondiging gedoen, wat die geloof teweeggebring het, gevolg deur die gees van berou wat vergifnis gebring het aan die gelowig-gewordenes. Die volgende stappe was die doop met water en met die Heilige Gees.

Wie 'n teenstrydigheid tussen die Groot Opdrag van die HERE en die praktiese uitvoering deur die apostels sien, het nie verstaan dat daar, ja, in die Naam gedoop moet word nie. 'Vader' is nie 'n naam nie, 'Seun' en 'Heilige Gees' is ook nie. Dit is titels soos "Skepper", "Verlosser", "Koning", ens. Daar moes in die *Naam* gedoop word, soos ook gebeur het.

In watter soort boek wat iemand al ooit gelees het, was daar teenstrydighede daarin! Die teenstrydighede is in die gedagtes van die mense, nadat die vyand sy vertolking van die Woord daarin geplaas het. Dit is die misleiding wat die Woord van God ongeloofwaardig maak en die kerklike tradisies regverdig. So sê die HERE: ***"... Julle verstaan dit goed om die gebod van God opsy te sit en so julle oorlewering te onderhou ... so maak julle dan die woord van God kragteloos deur julle oorlewering wat julle bewaar het ..."*** (Mark. 7: 7-13).

## Die Naam in die Ou en in die Nuwe Testament

Die belangrikheid van die naam van ons HERE sal ons nou nog een maal beklemtoon in die allesomvattende belangrikheid van geloof, die doop en verlossing. In die profeet Joël vind ons meer inligting oor die naam van die HERE, wat aangeroep moet word om die siel te red. Die belofte is: ***"en elkeen wat die Naam van die HERE aanroep, sal gered word ..."*** (hoofstuk 2:32). In sy eerste preek noem Petrus hierdie profetiese woord aan die byeengekomde skare. Die profetiese "... en in die laaste dae sal ... ", het in die volbragte werk van verlossing geword: *"... dit is wat deur die profeet Joël gespreek was ..."* en gevolglik: ***"Die wat toe sy woord met blydskap aangeneem het, is gedoop****; en daar is op dié dag omtrent drieduisend siele toegebring"* (Hand. 2:41).

Die apostel het dieselfde HERE bedoel van wie die profeet Joël gespreek het. Op die stigtingsdag van die nuwe-testamentiese Gemeente, in vers 38, word die naam dan duidelik aangegee: *"Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word* ***in die Naam van Jesus Christus*** *tot vergewing van sondes ...".*

Dit is die vir-altyd-geldige patroon van die Groot Opdrag soos uitgevoer deur die nuwe-testamentiese Gemeente. Die trinitariese doop is 'n lastering teen die doopsbevel omdat dit die naam ontken. Die leringe van Christus, wat inderdaad ook die onderrig en beoefening van die apostels was, vind ons net in God se Woord. 'n Blote verwysing na Christus en Petrus bevoordeel niemand. Wat nie in harmonie is met die hele Woord nie, is nie waar nie!

Die volgende gedeeltes sal vir ons die belangrikheid van die doop nog meer indringender maak. Paulus sluit homself in wanneer hy getuig: *"... of weet julle nie **dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is**, in sy dood gedoop is nie? Ons is dus **saam met Hom begrawe deur die doop** in die dood, sodat net soos Christus uit die dode opgewek is deur die heerlikheid van die Vader, **ons ook so in 'n nuwe lewe kan wandel**. Want as ons met Hom saamgegroei het deur die gelykvormigheid aan sy dood, sal ons dit tog ook wees deur dié aan sy opstanding"* (Rom. 6: 3-5). *"... **omdat julle saam met Hom begrawe is in die doop, waarin julle ook saam opgewek is deur die geloof in die werking van God wat Hom uit die dode opgewek het**"* (Kol. 2:12).

Die tradisionele, onskriftuurlike baba-besprinkeling word 'doop' genoem, maar dit is nie. Die Griekse woord vir doop, 'babtisma', beteken 'onder-dompel'. al die teoloë weet dit. Voeg daarby die verskriklike misverstand van hoe die woorde van Jesus in Johannes 3 heeltemal buite konteks toegepas word: *"Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie gebore word uit water en Gees nie, kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie".* Hierdie teks is geïnterpreteer as 'n "Doop-wedergeboorte" en word so geglo en geleer. Die baba, wat absoluut niks van die ervaring van genade, van genesing en wedergeboorte weet nie, word 'weer' gebore deur 'n amptelike handeling. Later in die lewe wil diegene wat so "Christelik" gedoop is as babas, niks hoor van genade nie en wil net in vrede gelaat word met Jesus Christus alleen. Ons bring hiermee 'n aanklag voor die gerig van God teen hierdie onbybelse leer van die doop.

Die korrekte skriftuurlike doop – deur eenmalige onderdompeling – was oorspronklik slegs beoefen deur diegene wat gelowig geword het. Soos 'n oorlede persoon op die rug in die kis neergelê en begrawe word, so word ons deur die doop simbolies begrawe saam met Christus (Rom. 6: 3-11). Die uit-die-water opheffing van die persoon wat gedoop word, dui daarop dat die betrokke persoon loop nou saam met Christus in 'n nuwe lewe. Daar moet nie langer oor God, of oor die doop gestry word nie, maar nou moet

die goddelike orde weer in plek gestel word: ***"Een HERE, een geloof, een doop; een God en Vader van almal, wat oor almal en deur almal en in julle almal is"*** (Efé. 4: 5-6).

Filippus het die evangelie van die koninkryk van God en die naam van Jesus Christus verkondig in Samaria. En almal wat geglo het, mans en vroue, was in die Naam van die HERE Jesus gedoop (Hand. 8: 1-17). Toe die evangelis aan die hofdienaar die evangelie van Jesus Christus uit die woord van die profeet Jesaja verkondig, het die hofdienaar gesê, *"Daar is water;* ***Wat verhinder my om gedoop te word?****".* Filippus bevestig toe: *"As u glo met u hele hart, is dit geoorloof".* En hy het geantwoord: *"Ek glo dat Jesus Christus die Seun van God is. En hy het beveel dat die wa moes stilhou;* ***en hulle het altwee in die water afgeklim, Filippus en die hofdienaar; en hy het hom gedoop****"* (Hand. 8: 33-40). Johannes het ook gedoop waar daar baie water was (Joh. 3:23), sodat hy die dopeling behoorlik kon onderdompel. Selfs Jesus is deur hom gedoop en het na die doop uit die water opgeklim (Matt. 3:16).

Met 'n bybelse doop, sak beide die persoon wat gedoop word en die doper af in die water. Of is daar iemand wat dit wil ontken, al is dit so geskryf? Die korrekte volgorde bly van krag: preek, geloof, doop. Wie is daar, wat dit wil waag om te verskil met God en Sy Woord deur in ‘n onbybelse tradisie te bly?

Die naam van die HERE, waarop daar geroep was in die Ou Testament, was JAHWEH. In die Nuwe Testament is die naam JAHSHUA, en dit is dieselfde "EK IS" wie kon sê: ***"Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, voordat Abraham was, IS EK."*** (Joh. 8:58). JAHWEH van die Ou Testament is JAHSHUA/JESUS van die Nuwe Testament. In die Ou Testament het Hy verskyn in die geestelike liggaam, in die Nuwe in die vleeslike liggaam om ons, wat in ‘n liggaam van vlees is, te verlos.

Paulus het dit so gestel in sy opgesomming: *"****As jy met jou mond die HERE Jesus bely*** *en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word; want met die hart glo ons tot geregtigheid en met die mond bely ons tot redding. Want die Skrif sê:* ***Elkeen wat in Hom glo, sal nie beskaamd word nie****, want daar is geen onderskeid tussen Jood en Griek nie;* ***dieselfde HERE is HERE van almal en is ryk oor almal wat Hom aanroep. Want: elkeen wat die naam van die HERE aanroep, sal gered word****"* (Rom. 10: 9-13).

In die 3de hoofstuk van Handelinge word ons vertel van die wonderbaarlike genesing van die verlamde man, toe Petrus sê: *"Silwer en goud het ek nie; maar wat ek het, dit gee ek vir jou:* ***In die Naam van Jesus Christus, die Nasaréner, staan op en loop!"*** (v.6). In hoofstuk 4 was die apostel voor die hoë raad gebring en hieroor uitgevra: ***"Deur watter mag en deur watter naam*** *het julle dit gedoen?"* Petrus se antwoord was: *"Laat dit bekend wees aan julle almal en aan die hele volk van Israel dat* ***deur die Naam van Jesus Christus, die Nasaréner****, wat julle gekruisig het, maar wat God uit die dode opgewek het, dat* ***deur Hom hierdie man gesond voor julle staan****! Hy is die steen wat deur julle, die bouers, verag is, wat 'n hoeksteen geword het! En die saligheid* ***is in niemand anders nie****, want daar is ook* ***geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie"*** (vv. 7-12). Paulus, die gevolmagtigde apostel met 'n direkte hemelse roeping, skryf: ***"En wat julle ook al doen, in woord of in daad, doen alles in die Naam van die HERE Jesus*** *en dank God die Vader deur Hom"* (Kol. 3:17).

"Alles" beteken alles, en in die Gemeente van die Nuwe Testament, moet *alles* gedoen word in die nuwe-testamentiese verbondsnaam – so het die man van God dit beveel. Wie is nou eintlik reg: God of die mens? Petrus in Jerusalem, Filippus in Samaria, Paulus in Éfese, het almal oral gedoop in die Naam van die HERE Jesus Christus. So is daar, bybels korrek, drie en selfs meer getuies van die ware skriftelike doop. Kan 'n mens dit waag om dit sommer net te ignoreer?

Ons sien dat die klem in die Ou en Nuwe Testament, geplaas word op <u>die Naam van die HERE</u>, waarin alles moet geskied: ***"Op elke plek waar Ek My Naam sal laat gedenk, sal Ek na jou toe kom en jou seën"*** (Exo. 20:24b). *"... Want waar twee of* ***drie in my Naam vergader, daar is Ek in hul midde"*** (Matt. 18:20). In Psalm 22 vers 23 lees ons: *"Ek wil u Naam aan my broers vertel ...".* In die Bergpredikasie word ons vertel hoe ons moet bid: *"Só moet julle dan bid: Onse Vader wat in die hemele is,* ***laat u Naam geheilig word*** *..."* (Matt. 6:9). In die hoëpriesterlike gebed lees ons: *"Ek het* ***u Naam geopenbaar aan die mense*** *wat U My uit die wêreld gegee het".* Die Seun van God het voortgegaan met Sy gebed: *"Heilige Vader, bewaar in* ***u Naam*** *die wat U My gegee het".* En verder ook: *"Ek het* ***u Naam aan hulle bekend gemaak*** *en sal dit bekend maak"* (Joh. 17: 6+11+26). Dit gaan oor die Naam wat bo elke naam is, waarin God geopenbaar word as Vader in die Seun. Hoor dit tog, julle uit alle volke, asook die volk van God, neem hierdie goed-bedoelde waarskuwing ernstig, glo dit en handel daarvolgens!

## Die groot Vervalling

Hoe is dit dat selfs kerke waar daar tot onlangs nog gebede na die troon van genade gestuur was in die naam van Jesus Christus, nou ook die tradisionele kerk-patroon volg en die bybel-patroon verlaat het? As kerk-leiers vandag die korrekte stand sal herken en leer dat God nou alles terugbring daarna, sal dit dan nie presies die omgekeerde wees nie? Sal die vraag van Paulus weer gevra word: *"Wie het julle betower?"* (Gal. 3:1). Vreemde dinge word veral in die charismatiese interkerklike byeenkomste bekendgestel. Mense word onder 'n vervreemdende invloed in 'n soort van entoesiasme onwillekeurig meegevoer met "disko-musiek" en allerhande begeesteringe.

Almal wat aan sulke byeenkomste deelneem, doen alles wat hulle beveel word om te doen. In die byeenkomste kom hulle na vore en soos kan verwag word, val hulle in rye op hul rûe. Die charismate verduidelik dat hulle "neergeslaan" word deur die Heilige Gees en ontvang so God se rus. Maar is dit regtig die geval?

Enigiemand wat die Heilige Skrif gelees het, weet dat, sonder uitsondering het almal in die teenwoordigheid van God op hul aangesigte geval, vanaf Abraham (Gen. 17:3), Moses en Aaron (Num. 14:5), Josua (Jos. 5:14) en tot selfs die hele Israel (1Kon. 18:39). Dawid het uitgeroep: ***"Kom, laat ons aanbid en neerbuk; laat ons kniel voor die HERE wat ons gemaak het"*** (Ps. 95: 6-7). Daniel het ook op sy aangesig geval (8:18). Selfs Jesus het op Sy aangesig geval in Getsémané (Matt. 26: 38-42). Paulus skryf in 1Korinthiërs 14:25, dat waar die Gees van God werk deur die gawe van profesie, val mense op hul aangesigte. Johannes was op die eiland Patmos op sy aangesig (Openb. 1:17). Ja, selfs die engele-skare val in aanbidding op hul aangesigte neer: *"En al die engele het rondom die troon en die ouderlinge en die vier lewende wesens gestaan, en hulle* ***het voor die troon op hulle aangesig neergeval*** *en God aanbid en gesê: Amen! Die lof en die heerlikheid en die wysheid en die danksegging en die eer en die krag en die sterkte aan onse God tot in alle ewigheid! Amen"* (Openb. 7: 11-12).

Iemand moet tog vrymoediglik dit sê dat iets nie strook nie en hierdie waarskuwing uitspreek! Die agteroorvallery is, soos dit sê in die Woord van God, God se oordeel aan diegene wat nie die woord wil hoor nie en dus nie die goddelike rus ontvang nie. *"Daarom sal die woord van die HERE vir hulle wees gebod op gebod, gebod op gebod, reël op reël, reël op reël, hier 'n bietjie, daar 'n bietjie,* ***Sodat hulle kan heengaan en agteruit struikel en***

***verbreek en verstrik en gevang word"*** (Jes. 28: 7-13). Hierdie Skrif word nou oral vervul. Wanneer mense agteroorval, soos die woord hier aandui, dan kan 'n mens nie praat van 'n seëning nie, maar eerder van God se oordeel. Die vermaning "stel die geeste op die proef!" moet nou aan die orde van die dag wees. Maar dit kan net gebeur in volgehoue vergelyking met die Woord van God. En hier aan die einde van die tye is die verleidelike geeste en die ware werk van God so na aan mekaar dat, as dit moontlik was, sou selfs die uitverkorenes mislei word (Matt. 24:24). As dit dieselfde Gees van God is, wat ook by die begin in werking was, dan sal alles wees soos dit was aan die begin; dieselfde geloof, dieselfde doop en dieselfde bedieninge. Dieselfde gawes en vrugte van die Gees sal duidelik gemanifesteer word. Die misleiding is so groot en gaan nog steeds voort. Ons moet vra: Hoe lank nog?

Wie nie verstaan dat dit die laaste en belangrikste tydperk is voor die wederkoms van Christus, waarin alles teruggebring en verorden moet word volgens die oorspronklike bybelse stand nie, sal nie die dringendheid van hierdie skriftelike regstelling sien nie. Wat Paulus profeties voorspel het vir die einde van die dae, ervaar ons nou. Die groot vervalling gaan net verder, sonder ophou, sodat die mens van sonde homself daarin verhef, en daarin as die wêreld-wye, geestelik-morele gesag, erkenning kan kry. Die ware teenstander is die seun van die verderf, wat homself bo alles verhef wat betrekking het op God en die Gemeente. Die meeste besef nie dat die hele godsdienstige wêreld sit met een of selfs met albei ore en luister na hom, en is saam met hom in dieselfde bootjie. Die Bybel sê dat diegene wat die waarheid – die ewig-blywende Woord van God – nie liefhet nie, verslaaf aan die dwaling, sy verleidelike leuens sal glo (2Thess. 2).

Wie nie God se Woord, soos dit oorspronklik gelewer is, glo nie, is veroordeel om die leuen van die verdraaide woord te glo. Hy wat nie die Seun van God glo nie, glo die seun van die verderf. Wie nie glo wat God sê deur die ware Profeet (Deut. 18: 15-19), die Messias, die Gesalfde Een nie, soos Petrus ons waarsku, *"... **elke siel wat nie na dié Profeet luister nie, sal uit die volk uitgeroei word**"* (Hand. 3: 17-26). Hulle glo wat die valse profeet sê (Openb. 19:20). Diegene wat nie ten volle glo wat Christus gesê het nie, het die leerstellinge van die Antichris geglo. Om te beroep op die apostels Petrus en Paulus is van geen nut as 'n mens nie met hulle saamstem in die leringe en bybelse praktyke nie. Ewige lewe is op die spel! Slegs indien 'n mens glo soos die Skrif sê, kom die gees-bereide lewe voort. Die Woord is die saad (Luk. 8:11), en die goddelike lewe wat in die saad is kan slegs ontkiem in diegene wat dit in die geloof ontvang het en tot hulself

saam met Christus gesterf het. *"Hy wat die goeie saad saai, is die Seun van die mens, en die saailand is die wêreld.* ***Die goeie saad – dit is die kinders van die koninkryk****, en die onkruid is die kinders van die Bose"* (Matt. 13: 37-38).

Die baie valse profete en valse christusse, naamlik die gesalfde wonderwerk-doeners van die eindtyd wat Jesus Christus, ons Verlosser, voorspel het vir hierdie tydperk (Matt. 24), stem ooreen met die Trinitariese geloofsbelydenis, wat natuurlik onbekend is by Christus en die Apostels. Hulle beoefen die Trinitariese doop praktyk wat teenstrydig is met die leringe van Christus en die apostels. So word hulle, ten spyte van hul uiterlike voorkoms, na ondersoek van die Woord, as valse apostels bevind (Openb. 2:2). Die vroeë Gemeente het gehou by die leringe van die apostels (Hand. 2:42).

Volgens Matthéüs 7, vanaf vers 21, is hulle die mense wat hulle vir alles beroep op die naam van Jesus. Hulle sing en gebruik dit maar verwerp die naam van Jesus met betrekking tot hulself. Hulle weier kategories om soos Paulus (Rom. 6:3), bybels te doop in die Naam van die HERE Jesus Christus. Hulle is nie bereid om die smaad van Christus te dra nie, maar wil veel eerder vereer word voor die mense (Joh. 5:44). Sonder dat hulle bewus is, verkondig hulle 'n ander evangelie en 'n ander christus en is onder die invloed van 'n ander gees (2Kor. 11: 1-13). Maar so moet dit wees sodat wat geskryf is vervul kan word: *"Nie elkeen wat vir My sê: HERE, HERE! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie,* ***maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is****. Baie sal in daardie dag vir My sê: HERE, HERE, het ons nie in u Naam geprofiteer en in u Naam duiwels uitgedrywe en in u Naam baie kragte gedoen nie? En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie.* ***Gaan weg van My, julle wat die ongeregtigheid werk!****"* (Matt. 7: 21-23).

Ten spyte van hul indrukwekkende bedieninge, word hulle verwerp as werkers van ongeregtigheid en dus gelykgestel met die teenstander, die man van sonde (2Thess. 2: 3-7). *"... Die Seun van die mens sal sy engele uitstuur, en hulle sal uit sy koninkryk bymekaarmaak al die struikelblokke en die* ***wat die ongeregtigheid doen****, en sal hulle in die vuuroond gooi"* (Matt. 13: 41-42).

Dit het nou tyd geword om die aanklag voor God te bring teen alle godsdienstige bedrog, teen alles wat geïnterpreteer word in Sy Woord. In Hom is slegs van toepassing wat Sy Woord sê, niks kan daarby gevoeg word nie (Openb. 22:18). Die oordeel – die goddelike regspraak moet nou begin

in die huis van God, in die Gemeente van Jesus Christus. Net soos die Woord aan die begin vanaf Jerusalem en die lering vanaf die berg Sion (Jes. 2; Hand. 2) uitgegaan het, so word dieselfde suiwer leringe nou verkondig. Dit is nou weer geldig vir die ware Gemeente: *"Maar julle het gekom by die berg Sion en die stad van die lewende God, die hemelse Jerusalem en tienduisende engele, by die feestelike vergadering en die gemeente van eersgeborenes wat in die hemele opgeskrywe is, en by God, die Regter van almal, en by die geeste van die volmaakte regverdiges, en by Jesus, die Middelaar van die nuwe testament, en die bloed van die besprenkeling wat van beter dinge spreek as Abel"* (Heb. 12: 22-24 ).

Dit is die finale oproep deur die laaste boodskap, vir die totale bevryding vanuit die Babiloniese ballingskap. Ons is nie in die tyd van die reformasie nie, waar baie gereformeer was en die 95 stellinge vasgespyker was aan die kasteel kerk, ook nie in die eeue wat gevolg het met nog meer diepgaande ontwaking nie; Ons leef in die tyd van die volledige restitusie en herstel van die goddelike orde. Die oënskynlike fondamente wat eintlik sand is en nie " die Rots" – die ware fondament – nie, sal nou ondermyn word, en elke onbybelse gebou in duie laat stort. Maar wie is daar wat die dag en die boodskap erken? Wie is gereed om die HERE te volg in gehoorsaamheid van die geloof, al die pad tot by die einde? Wie neem die waarskuwing ernstig op?

## Die Uitdaging

Ek wil graag die persoon ontmoet wat my met erns kan sê en kan glo dat daar drie ewige, drie Almagtige, drie Alwetendes is wat bestaan as selfstandige persone, wat in alles saamstem en die godheid deel. Dit sou in werklikheid drie gode wees en nie meer die EEN God nie, anders sal taal nie sin maak nie. Daarom moet veral die "Drie-eenheid" godsdiens van die Tunisiese Tertullianus, waardeur die term "Drie-eenheid" ontstaan het, voor die goddelike regterstoel gebring word. Elkeen moet buig voor die finale oordeel van die Woord. Net so moet die leringe van Sabelius wat oorgeneem is deur die "Eenheidsgemeente", geregtelik verantwoordelik gehou word.

Ons hoor met verbasing wat deesdae beweer word in die godsdienstige wêreld, naamlik dat die Jode, Christene en Moslems in dieselfde God glo. So vind ons, met globalisering, dat godsdiens die politieke wêreld-orde oorheers. Volgens nuusberigte word daar nou gekyk na 'n ‘Alliansie van Wêreldgodsdienste’. Dis nie net die Christelike dogter-kerke wat terugkeer

na die moederkerk nie, al die wêreld se godsdienste word belaai met Rome. Die twaalf belangrikstes het reeds hul begeerte vir eenheid gedemonstreer. Dat almal glo in dieselfde God, is eenvoudig 'n ongelooflike leuen.



So word die "Drie-eenheids" lering aangebied om die "Drie-Persoon" God voor te stel. Die vraag moet gevra word of die HERE God so in die tuin van Eden gewandel het? Was Adam in so 'n beeld geskape? Sekerlik tog nie! Het God aan Abraham verskyn in hierdie vorm? Baie beslis nie! Het Hy so met Moses van aangesig tot aangesig gepraat? Baie beslis nie! Mag die verteenwoordigers van die "drie-persoon"-teorie vir eens en vir altyd die sinneloosheid daarvan besef. God laat niemand toe om Hom met so 'n beeld daar te stel nie – dit maak indruis teen wat God self sê in Exodus 20: 1-7; dit is godslasterlik!

Die God met drie aangesigte, soos geskep is deur die kerkvaders van die Christendom en soos hy in die antieke aardse godsdienste uitgebeeld word en bekend is, is nie die ware God wat die Bybel van getuig nie. Drie ewige persone wat enig en tog verskillend is, kan glad nie die een en enigste God wees nie, trouens, nie die ware God nie – nie die God van Abraham, Isak en Jakob, die God van Israel; die EWIGE EEN nie. God die HERE is in die Ou en Nuwe Testament dieselfde, ongeag hoe en wanneer Hy Homself openbaar. Hy het Sy volk self die ware geloofsbelydenis gegee: ***"Hoor, Israel, die HERE onse God is 'n ENIGE HERE"*** (Deut. 6: 4-9). So ook staan in die Nuwe Testament: ***"Jesus antwoord hom: Die eerste van al die gebooie is: Hoor, Israel, die HERE, onse God, is 'n enige HERE; en jy moet die HERE jou God liefhê uit jou hele hart en uit jou hele siel en uit jou hele verstand en uit jou hele krag"***. Die reaksie was: *"Goed, Meester, U het met waarheid gesê* ***dat God een is en daar geen ander is as Hy nie****"* (Mark. 12: 29-32).

Sedert die 11de September, 2001, toe die Islamitiese fanatici die vlieëniers se kele afgesny het en hul vliegtuie met al die passasiers in die torings van die New Yorkse "World Trade Center" ingevlieg het, het baie die relevante historiese ensiklopedieë en boeke oor Islam deursoek. Ons was verbaas om te leer dat Allah oorspronklik die Babiloniese 'maangod' was, wat veronderstel is om al die plantegroei op aarde vrugbaar te maak.

Eers nadat Mohammed 28 oorloë gelei het en al die omliggende stamme en hulle gode verslaan het, verkondig hy Allah, die 'maangod', die God van sy stam, in die Kaaba in Mekka, as die enigste God om te aanbid. Daarom het hulle die halfmaan as hul simbool gekies en volgens hulle beveg hulle die 'ongelowiges' tot dit 'n volmaan word, dws, totdat die hele wêreld Mohammedane word. Die 'maangod' is dus 'n verskillende God, 'n uitvindsel wat niks in gemeen het met die Almagtige nie!

Die verklaring dat God is in elke godsdiens en Christus oral te vinde, is 'n verskriklike leuen. Die enigste ware en lewende God is die een wie ons ontmoet en deur wie ons ontmoet word, vanaf Genesis 1 tot die laaste hoofstuk van die Bybel. Ten spyte van Sy menigvuldige openbaringe, pas slegs die term 'monoteïsties' Hom.

Op 14 Mei, 1999, het die pous 'n ornamentele replika van die Koran gesoen toe die patriarg en Imam van Bagdad die Vatikaan besoek het. Die Irakse televisie het dié beeld-materiaal vir dae aaneen uitgesaai.



Die strewe is nou om alle gelowe in die wêreld saam in een aanvaarbare 'wêreld-gemeenskap' te verenig, soos die duiwel weer die Woord van God gebruik, en sê: *"... dat hulle een kan wees ..."*, maar hy ignoreer dit wat voor en daarna geskryf is. Net voor die eindfluitjie nou, vind ook die uitroeping van God se kinders plaas. Hulle word as die klein kudde onder Christus, die Hoof, in waarheid verenig: *"Dat hulle almal een mag wees net soos U, Vader, in My en Ek in U"* (Joh. 17:21). Hy noop hulle tot besluit met die vraag: *"En watter ooreenstemming het Christus met Bélial, of watter aandeel het die gelowige met die ongelowige? **Of watter ooreenkoms het die tempel van God met die afgode?**"*. Die Gemeente van Christus is ook God se woonplek op aarde: *"Ek sal in hulle woon en onder hulle wandel, en Ek sal hulle God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees"*. Dan, die oproep: *"... gaan onder hulle uit en sonder julle af, spreek die HERE; en raak nie aan wat onrein is nie, en Ek sal julle aanneem; en **Ek sal vir julle 'n Vader wees, en julle sal vir My seuns en dogters wees, spreek die HERE, die Almagtige**"* (2Kor. 6: 15-18).

Net in die Seun kom die Vader na ons en alleenlik in Hom kom ons na die Vader: *"Jesus antwoord hom: Ek is die weg en die waarheid en die lewe; Niemand kom na die Vader behalwe deur My nie. Hy wat My gesien het, het die Vader gesien. En hoe sê jy: Toon ons die Vader? **Glo jy nie dat Ek in die Vader is en die Vader in My nie?** Die woorde wat Ek tot julle spreek, spreek Ek nie uit Myself nie; maar die Vader wat in My bly, Hy doen die werke"* (Joh. 14: 6+10). So spreek die HERE: ***"Ek en die Vader is een"*** (Joh. 10:30).

## Wat is geloofwaardig?

God en God se Woord alleen is geloofwaardig. Abraham het in God geglo, *"en dit is hom tot geregtigheid gereken"* (Rom. 4). Alle ware gelowiges is die geestelike nageslag van Abraham (Gal. 3). Hulle loop in die voetspore van die geloof – hulle glo soos die Skrif sê. Die getuienis van God is duidelik; so ook die van die profete en die apostels. Nou gaan dit om ons getuienis, dat dit aanklank moet vind met wat geskryf staan.

Die Christendom het van die ware geloof afvallig geword en 'n eie godsdiens geskep. Die ENIGE God is verdeel in persone wat ook apart vereer word. Toe volg die verheffing van Maria tot God se 'moeder', tot Theotokos – "Moeder van God" (431 n.C.). Hier word dit nou baie ernstig; hier moet die geeste nou onderskei word, want so is dit geskryf: *"Hieraan ken julle die Gees van God: elke gees wat bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het, is uit God; **en elke gees wat nie bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het nie**, is nie uit God nie; en dit is die gees van die Antichris"* (1Joh. 4: 2-3)! Terwyl die kerkvaders die Seun as "God vanuit God en lig vanuit die lig", soos dit geformuleer was, langs die EEN God as 'n tweede ewige Persoon geplaas het, het hulle ook Maria tot Godsmoeder verklaar. Dit is 'n direkte anti-Christelike belydenis. Die Bybel ken nie 'n God wat 'n moeder het nie. God is van ewigheid tot ewigheid. Toe Elizabeth gevul was met die Heilige Gees, het sy dit gesê wat vir ewig waar is. Sy het nie gesê dat "die Moeder van God na my kom" nie, maar, soos dit geskrywe is in die boek van die waarheid: *"En wat het my oorgekom dat die moeder van my HERE na my toe kom?"* (Luk. 1:43). Die engel het nie die geboorte van God aangekondig nie, maar die geboorte van die Seun van God, wat die HERE is (Luk. 2:11).

Die Seun was gebore as "die Christus", die "Messias" wat in die vlees gekom het – die "Godgesalfde". Dit is nie 'n ewige Seun wat vlees geword het nie, maar Hy wat die Woord in die begin was, die Logos, was as die Seun in 'n liggaam van vlees geopenbaar. Dit is die goddelike waarheid. Die mens-gemaakte geloofbelydenis is nie die belydenis van Jesus Christus nie;

dit is heeltemal onbybels en daarom anti-Christelik. Daarom staan geskryf, met die oog op die bybelse belydenis van die Seun: ***"Elkeen wat die Seun loën, het ook nie die Vader nie"*** (1Joh. 2:23). Net voor dit het die apostel Johannes gewaarsku van die antichrist, wat nie van Jesus as die Christus, wat in die vlees verskyn het, getuig nie. Hy het die salwing van die Heilige Gees beklemtoon, soos ons leer in die Bybel, naamlik *"... omdat geen leuen* (bv. van 'n ewige Seun!) *uit die waarheid is nie"* (1Joh. 2: 18-27). Die Bybel getuig nêrens van die geboorte van die Seun van God in die hemel nie, maar hier op aarde, soos aangekondig in die Ou Testament en gebeur het in die Nuwe. Ons lees net van die "seun van die oggend", Lucifer, wat in die hemel geskep is. Maar hy het homself opgehef, geval en so die teenstander geword (Jes. 14: 12-14; Esé. 28: 11-17), die god van hierdie wêreld (2Kor. 4:4).

Net so anti-Christelik is ook die opheffing van Maria tot die vlak van middellaar en voorspraakmaker, en tot 'Koningin van die Hemel', en die dogma van die 'onbevlekte ontvangs' en haar liggaamlike hemelvaart, ens, ens. As dit regtig so was, dan sou die apostels daarvan getuig het, siende dat hulle die maagdelike swangerwording en die hemelvaart van Christus gedokumenteer het. Al hierdie leerstellinge het geen bybelse grondslag nie en kom ook nie vanaf Christus, die Hoof van die Gemeente nie. Dit is dus anti-Christelik. Wat die Skrif nie van getuig nie, moet verwerp word. Die Bybel ken en noem slegs Jesus Christus as *middelaar* en *advokaat*, niemand anders nie. Hy alleen is die Koning van die konings – 'n hemelse koningin word nie in die hemel nie, nog minder op aarde benodig. Dit is ook geskryf: *"En niemand het opgevaar in die hemel nie, behalwe Hy wat uit die hemel neergedaal het, naamlik die* ***Seun van die mens*** *wat in die hemel is"* (Joh. 3:13). Wat is geloofwaardig: wat God se Woord sê, of die uitvindsels van die kerkvaders en pouse oor die jare? So ook is die "Apostel-Petrus-Pouslike-Opvolgings-Geskiedenis" 'n vroom legende. Nêrens in die Bybel of in die kerkgeskiedenis word berig dat Petrus ooit in Rome was nie.

Met die verering van Maria en al die heiliges en hulle afbeeldings, moet ons vra of dit 'n godsdiens of 'n afgodsdiens is, aangesien afgestorwenes opgeroep en vereer word. Mariologie en enige verering van heiliges is geheel-en-al vreemd aan die Bybel. Maria word genoem as een van die honderd en twintig wat die vulling van die Heilige Gees ervaar het op die dag van Pinkster – wat absoluut noodsaaklik is om gered te word. Tot aan die einde van die Nuwe Testament word sy nooit weer genoem nie. Sy het, as die deur-God-uitverkore instrument, die maagd, die eenmalige verhewe taak vervul om geboorte te gee aan die Seun (Jes. 7:14). Maria was en inderdaad moes deel wees van die gevalle, sondige mensdom, waarvoor die

Verlosser gebore is, dat Hy ons kan verlos van die sondeval. Daarom het sy ook Christus bely as haar Saligmaker (Luk. 1:47).

Die Kerk van Rome het feitlik al die oorspronklike leerstellinge verander en deel van Christus aan Maria oorgedra. Satan het as die owerste van hierdie wêreld, deur die kerkvaders, alles verwoes. Hy het eers die goddelike skepping en toe die reddingsverordening van God vernietig, sodat aanbidding nie aan God die HERE, die Skepper en Verlosser nie, maar onder godsdienstige voorwendsels, aan hom toegeken word. Alles onbybels in afvallige Christendom word op die proef gestel – in die beskuldigdebank.

Die kerkvaders, wie nie apostels of profete was nie, het spekulatiewe teorieë oor God en ander temas ontwikkel, wat later in die verskillende leerstellinge tot geloofsbelydenisse en dogmas verhef was. Hulle het natuurlik geen begrip gehad van die werking van God se heilsplan nie of hoe dit aangekondig was in die Ou Testament en in die Nuwe Testament gebeur het nie, naamlik dat God die mensdom wat van hom geskei is deur die sondeval, verlos het uit die dood en versoen het met Homself en die ewige lewe gegee het. Net soos Adam geskep is aan die begin van die natuurlike skepping as 'n seun van God, is Christus, die uit-die-Gees gebore Seun van God, die begin van die nuwe, goddelike skepping (Openb. 3:14). ***"Hy is die Beeld van die onsienlike God, die Eersgeborene van die hele skepping ..."*** (Kol. 1: 15-16). *"Want die wat Hy vantevore geken het, dié het Hy ook vantevore verordeneer* ***om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun, sodat Hy die eersgeborene kan wees onder baie broeders****"* (Rom. 8:29). *"Want aangesien die dood deur* ***'n mens*** *is, is die opstanding van die dode ook deur 'n mens. Want soos hulle almal in Adam sterwe, so sal hulle almal ook in Christus lewend gemaak word"* (1Kor. 15: 21-22).

Op al die seuns en dogters van God is ook die volgende punte van toepassing: *"Daarom, as iemand in Christus is,* ***is hy 'n nuwe skepsel****; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword"* (2Kor. 5:17). *"... en dat julle vernuwe moet word in die gees van julle gemoed, en julle met die nuwe mens moet beklee* ***wat na God geskape is*** *in ware geregtigheid en heiligheid"* (Efé. 4: 23-24). *"En julle, wat dood was deur die misdade en die onbesnedenheid van julle vlees,* ***het Hy saam met Hom lewend gemaak, deurdat Hy julle al die misdade vergeef het****"* (Kol. 2:13). *"Volgens sy wil het Hy ons voortgebring* ***deur die woord van die waarheid, sodat ons as eerstelinge van sy skepsele kan wees****"* (Jak. 1:18). *"Want julle is wedergebore nie uit verganklike saad nie,* ***maar uit onverganklike, deur die lewende Woord van God wat tot in ewigheid bly****"* (1Petr. 1:23).

***"Soos ons die beeld van die aardse gedra het, so sal ons ook die beeld van die hemelse dra"*** (1Kor. 15:49). *"En terwyl ons almal met onbedekte gesig soos in 'n spieël die heerlikheid van die HERE aanskou, word ons van gedaante **verander na dieselfde beeld, van heerlikheid tot heerlikheid**, as deur die HERE wat die Gees is"* (2Kor. 3: 17-18). Die Verlosser moes 'n liggaam van vlees aanneem en die verlossingswerk hier op aarde volbring. Hy het aan die kruis uitgeroep: *"**Dit is volbring**!"* *"Want God het ... **deur sy eie Seun in die gelykheid van die sondige vlees te stuur, en dit ter wille van die sonde, die sonde veroordeel in die vlees**"* (Rom. 8:3).

Soos God voorheen al die profete opdrag gegee het – selfs Johannes die Doper, wat verskyn het as 'n man van God gestuur – maar almal egter op die aarde gebore was, <u>was ook die sending van die Seun, wie ook hier op aarde gebore is</u>. Die fatale fout wat teoloë maak is om die Seun reeds van ewigheid af langs God te plaas, selfs al het Paulus baie duidelik in Galasiërs 4:4 geskryf: *"Maar toe die volheid van die tyd gekom het, **het God sy Seun uitgestuur, gebore uit 'n vrou, gebore onder die wet**"*. *"Daarom moes Hy in alle opsigte **aan sy broeders gelyk word**, sodat Hy 'n barmhartige en getroue hoëpriester kon wees in die dinge wat in betrekking tot God staan, **om die sondes van die volk te versoen**"* (Heb. 2:17). *"Geliefdes, nou is ons kinders van God, en dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie. Maar ons weet dat ons, as Hy verskyn, **aan Hom gelyk sal wees** ..."* (1Joh. 3:2).

## Die tyd is naby

Agter ons lê die twee-duisend jaar <u>van genade,</u> wat bekend is as die "laaste dae" (Hebr. 1: 1-2; Hand. 2:17; o.a.), die tyd van die Nuwe Verbond wat God die mensdom gegee het. Onmiddellik voor ons lê die groot gebeurtenis van die wegneem van die Bruid-Gemeente na die bruilof in die hemel (Matt. 25: 1-10; 1Thess. 4; 1Kor. 15; Openb. 19:7). Die bruilof in heerlikheid word gevolg deur die sewende millennium in die geskiedenis van die mensdom. Ons gaan hier nie toespits op die twee-duisend jaar tydperk vanaf Adam tot Abraham, of die twee-duisend jaar tydperk vanaf Abraham tot Christus nie; ook nie op die kort tydperk van groot verdrukking tussen die wegraping en die begin van die Vredesryk nie. Dit het ons reeds gedoen in ander publikasies.

Die "Dag van die HERE" word beskryf in die Ou en Nuwe Testament in verskillende kontekste: as die dag van toorn en wraak (Jes. 13: 6-16.); as 'n dag van duisternis met tekens in die hemele en op die aarde (Joel 2); 'n dag wat kom, soos 'n dief in die nag (1Thess. 5: 1-4.); as die dag waarop alle

menslike werke in vlamme opgaan (2Petr. 3: 1-10), ens. Die HERE Jesus het gepraat daarvan as "die dag van die opstanding". In hoofstuk 6 van die Evangelie van Johannes alleen word hierdie dag vier keer genoem in verband met die opstanding. *"En dit is die wil van die Vader wat My gestuur het, dat elkeen wat die Seun aanskou en in Hom glo, die ewige lewe mag hê, en Ek sal hom opwek in die* ***laaste dag"*** (vv. 39, 40, 44, 54). Met die aanvang van die **"laaste dag"** vind die eerste opstanding plaas en aan die einde daarvan, die tweede opstanding: ***"... en sal uitgaan, die wat goed gedoen het, tot die opstanding van die lewe, en die wat kwaad gedoen het, tot die opstanding van die veroordeling"*** (Joh. 5:29).

*"En die ander dode het nie herlewe totdat die duisend jaar voleindig was nie.* ***Dit is die eerste opstanding****: Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding! Oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees* ***en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar"*** (Openb. 20: 1-6). Dan kom die laaste oordeel by wat bekend is as “die groot wit troon" (vv. 11-15). Daarop volg die nuwe hemel en die nuwe aarde (Openb. 21:1) en dan smelt tyd in met die ewigheid.

Selfs nou is 'n tydperk vervul wat op enige oomblik aan die einde kan kom. Hoewel niemand die dag en die uur weet nie, word die tekens van die tye duidelik vir ons aangedui. Die beloofde wederkoms van Christus is alreeds agterstallig; dit is net God se lankmoedigheid, wat wag totdat die laastes die koninkryk van God ingegaan het (2Petr. 3:9). Vir 2000 jaar wag die gelowiges op die vervulling van die belofte van Jesus Christus: *"Ek gaan om vir julle plek te berei. En as Ek gegaan het en vir julle plek berei het,* ***kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is"*** (Joh. 14: 1-3). Nooit tevore was daar 'n tyd, waarin al die gepaardgaande omstandighede, so akkuraat as nou met hierdie grootste gebeurtenis in die geskiedenis van verlossing meeloop nie. Soos reeds voorspel, vra die spotter hier aan die einde van die dag: *"Waar is die belofte van sy wederkoms?".* Petrus het ook toe reeds die antwoord gegee: *"Die HERE vertraag nie die belofte nie ... maar Hy is lankmoedig oor ons, en wil nie hê dat sommige moet vergaan nie, maar dat almal tot bekering moet kom". "Maar laat hierdie een ding julle nie ontgaan nie, geliefdes,* ***dat een dag by die HERE soos 'n duisend jaar is en duisend jaar soos een dag"*** (2Petr. 3).

Oor wat gebeur voor Sy koms, het die HERE Jesus ons op verskeie kere heengewys (Matt. 24, Mark. 13; Luk. 17; o.a.). Dit sou wees, o.a., soos die dae van Noag, toe die onheilspellende vermenging van die afstammelinge van Seth en Kain, naamlik die seuns van God met die dogters van die mense

(Gen. 6), deur die sondvloed beëindig is. Dit sou ook wees net soos met Sodom en Gomorra toe die moraal sy laagste punt bereik het (Gen. 19). Abraham was die profeet destyds, aan wie die HERE gebeure geopenbaar het (Gen. 18:17). God se strafgerig het toe vuur en swael laat reën uit die hemel. Voor die wêreld nou gesuiwer word met God se vuur en swael toorn, bied Hy genade en redding. Die waarskuwing gaan die gereg vooruit.

Die HERE Jesus het derhalwe, met die oog op die eindtyd, die belofte van die sending van die profeet Elia, voor die groot en vreeslike dag, volgens Maleági 4:5, heeltemal belangrik geag en bevestig, soos ons in Matthéüs 17:11 en Markus 9:12 lees: *"En Jesus antwoord en sê vir hulle: **Dis waar, Elia, kom eers en sal alles herstel**".* Hierdie belofte is net so belangrik as dié oor die bediening van Johannes die Doper voor die eerste koms van Christus, wat sou kom in die gees en krag van Elia om die harte van die ou-testamentiese vaders terug te bring tot die nuwe-testamentiese kinders (Luk.1:17). Ter voorbereiding van die Bruid-gemeente voor die wederkoms van Christus nou, word die tweede deel vervul, naamlik dat die harte van die kinders teruggedraai word na dié van die apostoliese vaders. Die nuwe-testamentiese Gemeente word 'n volkome herstelling en wederoprigting van die oorspronklike toestand in die Woord van God belowe.

Daar word nie gevra wat verlore gegaan het in die Gemeente van God en moet herstel word voor die koms van Jesus Christus nie. Ons staan voor 'n nuwe era. Sonder paniek moet besin word oor die boodskap wat die koms van Christus voorafgaan. Dis die behoefte van die uur. Almal moet hierdie daarlegging ernstig opneem in die lig van die Woord. Om gereed te wees moet alles, soos belowe, teruggebring word na sy oorspronklike toestand in die Gemeente van die lewende God. So is dit geskryf: *"... en tye van verkwikking van die aangesig van die HERE mag kom, en Hy Hom mag stuur wat voorheen aan julle verkondig is, naamlik **Jesus Christus, Hom wat die hemel moet ontvang tot op die tye van die wederoprigting van alle dinge, waarvan God van ouds af gespreek het deur die mond van al sy heilige profete**"* (Hand. 3: 19-21). Dit het mode geword om te praat van die "eindtyd profesie", om 'n "voorspoed evangelie" te verkondig en ook tegelyk te verwys na die vervulling van bybelse beloftes aan die Gemeente. Dus word nou herhaal wat reeds by die eerste koms van Christus gebeur het. Die HERE het gesê: *"**As jy tog maar geweet het, ja, ook in hierdie dag van jou, die dinge wat tot jou vrede dien!** Maar nou is dit vir jou oë bedek"* (Luk. 19:42). Dit is nou soos dit in die dae van ons HERE en nog altyd was: selfs bybel-gelowiges dank God dikwels vir wat Hy gedoen het, kyk na wat Hy nog gaan doen maar mis heeltemal wat Hy tans besig is om te doen!

Wie nou die aansluiting met die laaste werk van God verpas, sal nie gereed wees vir die Wegraping nie. Henog, die sewende van Adam af, is opgeneem sonder dat hy die dood gesmaak het. Hy was die model vir diegene van ons wat in die laaste kerkeeu lewe en hierdie belofte het: *"Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om saam met My te sit op my troon, soos Ek ook oorwin het en saam met my Vader op sy die troon gaan sit het"* (Openb. 3:21). Die ware gelowige verwag nou wat Paulus geskryf het op daardie tydstip: ***"Ons sal wel nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal verander word"*** (1Kor. 15:51). Maar voordat die liggaam verander kan word, moet die hart en lewe verander word. Onder die ou verbond het God belowe om 'n nuwe verbond te sluit en Sy volk 'n nuwe hart, 'n nuwe gees en 'n nuwe lewe te gee (Jer. 31: 31-34; Esé. 36:26; Esé. 11:19; Esé. 18: 31-32). Die bevestiging daarvan vind ons in die Nuwe Testament (Matt. 26: 26-29; Hebr. 8: 6-13, o.a.). Van Henog lees ons: *"Deur die geloof is Henog weggeneem om die dood nie te sien nie; en hy is nie gevind nie, omdat God hom weggeneem het;* ***want voor sy wegneming het hy getuienis ontvang dat hy God behaag het****"* (Heb. 11:5). Nou moet ons die wegrapingsgeloof en die sekerheid het dat God se plesier op ons ook rus.

Die wedergeboorte en verligting deur die Gees is nie voldoende vir die eerste opstanding, transformasie en wegraping nie. Die transformerende krag van die Heilige Gees moet in ons sterflike liggame woon om dit lewend te maak (Rom. 8:11). Eers moet ons die vulling van die Heilige Gees ervaar om te bevestig dat ons seuns en dogters van God is, soos dit was met die Seun van God (Matt. 3). *"En omdat julle kinders is, het God die Gees van sy Seun in julle harte uitgestuur, en Hy roep: Abba, Vader!"* (Gal. 4:6). Dit gaan dan daarom om gelei te word deur die Gees: *"Want almal wat deur die Gees van God gelei word, dié is kinders van God"* (Rom. 8:14).

Alle profete na wie die Woord gekom het, was geïnspireer en gelei deur die Gees van God. En almal wat die Woord glo, ervaar dieselfde inspirasie en leiding van die Heilige Gees en word verseël: *"In wie julle ook, nadat julle die woord van die waarheid, die evangelie van julle redding, gehoor het, in wie julle, nadat julle geglo het, verseël is met die Heilige Gees van die belofte, wat die onderpand is van ons erfdeel om sy eiendom te verlos, tot lof van sy heerlikheid"* (Efé. 1: 13-14). Ons moet alles wat aan ons gegee is deur die verlossing persoonlik ervaar in gemeenskap met God. Dit sluit in die vernuwing en wedergeboorte deur die Gees en die salwing én vulling van die Heilige Gees, soos dit was in die vroeë Christendom.

Almal wat voor God wil staan, en weggeraap wil word, smag na 'n wandeling met God. 'n God-welgevalle lewe is slegs moontlik as dit ooreen stem met Sy Woord en wil. Al die ander is teorie en wensdenkery. Twee keer het God Sy genoeë uitgespreek met die Seun van God: die eerste keer met Sy doop (Matt. 3), toe Hy gesê het: *"Laat dit nou toe, want só pas dit ons om alle geregtigheid te vervul"* en toe by die Berg van Verheerliking (Matt. 17). Dáár was selfs bygevoeg: *"Luister na Hom!".* Daar was nog altyd mense op aarde wat voorbeskik is om seuns en dogters van God te wees, volgens die welbehae van Sy wil (Efé. 1:5 onder andere). Hulle is die mense aan wie Hy die verborgenheid van Sy wil en Sy raad openbaar (Efé. 1: 9-14). Met die oog op die wederkoms van Jesus Christus, skryf die apostel Paulus aan die gelowiges: *"... want dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk* ***na Sy welbehae*** *... sodat julle onberispelik en opreg kan wees, kinders van God sonder gebrek te midde van 'n krom en verdraaide geslag ..."* (Fil. 2: 12-18). God se welbehae moet op ons ook rus as ons verander wil word.

Nou moet verder ondersoek word of iemand moet glo wat mense sê of wat en soos die Skrif leer. Laat ons reguit na die punt kom, naamlik dat ons terug moet keer na die profeties-aangekondigde belofte vir hierdie tyd. Johannes die Doper was die vervulling van Maleági 3:1, soos bevestig is in die vier Evangelies. Dit was twee-duisend jaar gelede, met die aanvang van die dag van heil. Noudat die genadetyd tot 'n einde kom en die Dag van die HERE op hande is, word Maleági 4:5 vervul. Ons is nou in daardie profetiese tydperk, en, soos reeds genoem, het die HERE hierdie spesifieke belofte, wat toe nog in die toekoms was, bevestig: ***"Elia kom eers en sal alles herstel ...".*** En dit het Hy gesê ná die suksesvolle bediening van Johannes die Doper, wie inderdaad ook verskyn het in die gees van Elia.

Wanneer God iets spesiaals doen op aarde, openbaar Hy eers Sy geheime raad aan Sy diensknegte, die profete (Am. 3:7). Dan vervul Hy die HERE se belofte: *"Wie 'n profeet ontvang omdat hy 'n profeet is, sal die loon van 'n profeet ontvang; en wie 'n regverdige ontvang omdat hy 'n regverdige is, sal die loon van 'n regverdige ontvang"* (Matt. 10:41) – daarom die waarskuwing: *"... raak my gesalfdes nie aan en doen my profete geen kwaad nie!"* (1Kron. 16:22; Ps. 105:15). Dit is ook nou so dat daar diegene is wat die boodskapper-profete van God stenig, maar die grafte van die afgestorwenes versier. Die HERE stuur nietemin Sy boodskappers aan Sy mense voor die oordele val.

Net soos Elia die volk van God bymekaar gebring het en die gesloopte altaar met die twaalf klippe, volgens die twaalf stamme, herbou het, en die

offer geslag het en God toe geantwoord het (1Kon. 18), so ontvang ons nou die "Elia boodskap" met die leringe van die twaalf apostels nuut opgerig (Hand. 2:42; Efé. 2:20) en die ware gelowiges word daardeur uitgeroep.

Dit is ongelukkig 'n feit dat daar nou aanbid word met lofprysings en kragtige musikale begeleiding, met plegtige godsdienstige vermaak, maar misleidend en niks te doen met die aangekondigde tye van verkwikking nie, ten spyte die goeie bedoelings. Met die finale werking van die Gees, moet die herstel van alle dinge in die nuwe-testamentiese Gemeente hand aan hand gaan. Daar moet teruggegaan word na haar oorspronklike toestand, dit is die belofte. Dit is nog steeds waar dat die aanbidding alles tevergeefs is, soos onse HERE gesê het, want die tradisionele menslike voorskrifte en leringe, maak die Woord van God tot niet. Alles is geheel en al teen Christus gerig. Daarom spreek die HERE: *"... maar tevergeefs vereer hulle My* ***deur leringe te leer wat gebooie van mense is ... so maak julle dan die woord van God kragteloos deur julle oorlewering*** *wat julle bewaar het; en derglike dinge van dieselfde aard doen julle baie"* (Mark. 7: 7+13).

Na die daarlegging van die feite wat in hierdie publikasie vervat is moet elkeen besluit of die hoog-geagte en vereerde kerkvaders en hul verteenwoordigers nog waardig is om gevier en gerespekteer te word en of hulle nie, in die oë van God, eerder in die beskuldigdebank behoort nie. Almal moet ook beoordeel, maar asseblief net uit 'n bybelse perspektief, of dit voldoende is om terug te keer na die hervormers en net te ondersoek wat hulle gesê en geleer het, en of ons nou na die begin, na wat Petrus, Johannes, Jakobus en Paulus geleer en beoefen het, moet terugkeer. Dit is ook nie genoeg om te herhaal wat bekende mense geleer het in die afgelope eeue nie, maar ons moet terugkeer na wat duidelik gesê, geleer en beoefen was in die begin.

Onder die laaste vergelyking is dit nie moontlik dat enigiemand gespaar bly nie. Dit moet ook gevra word wat die gerespekteerde, wêreldbekende televisie-evangeliste leer oor die Godheid, die doop, ens. Op elke punt moet ons sê: Gaan terug na die Woord en God! Terug na dit wat in die begin was! Dit geld eweneens vir alle predikers en ook vir al die mense.

Wel, nou sal ons dit nog ‘n maal duidelik stel: Aan die begin van die Nuwe Testament het die destydse gesogte, tradisionele leraars in Judaïsme nie die goddelike genadebesoeking erken nie. Vandag se Christelike geestelikes beskou hulle as geveinsdes en Fariseërs, maar in werklikheid doen hulle presies dieselfde. In daardie tyd het hulle nie gebuig onder die kragtige hand van God nie, nie voldoen aan die wil van God nie en was nie

gedoop met die doop van Johannes nie. Daarom is dit geskrywe: ***"Maar die Fariseërs en die wetsgeleerdes het die raad van God aangaande hulle verwerp en hulle nie deur hom laat doop nie"*** (Luk. 7: 29-30).

Selfs nou is daar baie van die evangeliste en charismate, wie andere leer, hul plegtige aanbidding doen en, na hul mening, 'n belangrike rol speel in die koninkryk van God. Maar hulle besef nie wat God volgens Sy plan van verlossing in ons tyd doen nie.

Deur die bediening van Johannes die Doper, die profeet, was die genadetyd ingelei: *"En alle vlees sal die heil van God sien"* (Luk. 3: 2-6), *"... sodat almal deur hom sou glo"* (Joh. 1: 6-13). Johannes homself getuig met betrekking tot die Verlosser: *"En ek het Hom nie geken nie; maar dat hy aan Israel openbaar sou word, daarom het ek gekom en met water gedoop"* (Joh. 1:31). Die einde van die genadetyd word ingelei deur die laaste profeet en sy boodskap, en weer gaan dit eerste om die doop, **dat die enigste doop wat pas in die plan van verlossing, en noodsaaklik is, naamlik, om gedoop te word in die naam van die HERE Jesus Christus**.

Wanneer God heilsgeskiedenis maak en die koninkryk van God deurbreek, is die tyd verby om voort te gaan op ons eie paaie. Kom ons kyk ook na die voorbeeld vanuit Handelinge 19, om te verseker dat almal verstaan wat bybels en apostolies is, sodat daar geen verskonings is nie:

Toe Paulus in Éfese aangekom het, het hy daar 'n paar gelowiges gevind en hulle gevra: *"Het julle die Heilige Gees ontvang toe julle gelowig geword het?"* verbaas dat hulle gelowiges was, maar nog nie die Heilige Gees ontvang het nie, vra hy hulle toe: *"Met watter doop is julle dan gedoop?"* Hul antwoord: *"Met die doop van Johannes"*. So hulle was dieselfde gedoop soos Jesus Christus self gedoop was. Maar na die verlossing bewerkstellig is, was daardie doop nie meer voldoende nie. Toe die Nuwe Verbond van krag kom was die Gemeente gestig, en so van daardie oomblik af het dit gegeld wat Petrus namens God in die eerste preek gesê het. Sonder om 'n bespreking te lei, was hulle weer gedoop, soos dit geskryf is: ***"En toe hulle dit hoor, is hulle gedoop in die Naam van die HERE Jesus ..."*.**

Daar moet nog ‘n maal beklemtoon word, dat alles in die Gemeente van die lewende God hier aan die einde, moet wees soos dit was in die begin. Die Reformasie en al die herlewings wat later gevolg het, het almal hul plek en tyd gehad. Vroeg in die twintigste eeu, voor die Eerste Wêreldoorlog, was daar 'n kragtige geestelike uitstorting wêreldwyd. Na die Tweede Wêreldoorlog stuur die HERE die magtigste genesings-herlewing sedert die

dae van die apostels. Maar dit is nou die uur van God se genadige besoek voor die wederkoms van Jesus Christus. Nou geld nie meer dit wat verkeerdelik geleer of beoefen word nie, maar wat in die begin God se bybelse orde was – dit is bemaak aan ons uit die vroeë Christendom!

Almal wat nou die bybelse doop in die naam van die HERE Jesus Christus, ja, dit wat in die begin geleer was (Heb. 6:2), verwerp en dit kettery noem, verwerp vir hulself die hele raad van God. As selfs die eerste beginsels van die bybelse leringe nie gevolg word nie, dan is ook die notering van alles wat hulle gedoen het in Sy naam, van geen nut nie (Matt. 7: 21-27). Hulle sal die *"Gaan weg van My!"* hoor uit die mond van die HERE. Dit is die *SO SPREEK DIE HERE* in Sy Woord.

## Kyk, Ek kom gou!

In Matthéüs 25 staan geskrywe: *"Daar kom die bruidegom; gaan uit Hom tegemoet!".* In die laaste hoofstuk van die Bybel sê dit: *"Kyk, Ek kom gou, en my loon is by My ... "*. So ook staan daar: *"Salig is die wat sy gebooie doen, sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en ingaan deur die poorte van die stad"* (v.14). Sy opstanding en fisiese transformasie is die waarborg van ons opstanding en fisiese transformasie. In Openbaring 19, vers 7 staan: *"Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die heerlikheid gee, **want die bruilof van die Lam het gekom en sy vrou het haar gereed gemaak**".* In Matthéüs 25 lees ons verder: *"En onderwyl hulle gaan om te koop, het die bruidegom gekom. En **die wat gereed was**, het saam met hom ingegaan na die bruilof, en die deur is gesluit".* Sedert die begin van die evangelie, sê dit ook: *"Dan sal daar twee op die land wees; die een word aangeneem en die ander verlaat; Twee vroue sal by die meul maal; die een word aangeneem en die ander verlaat"* (Matt. 24: 40-41).

Met die oog op die vervulling van die aangekondigde gebeurtenisse wat die wederkoms van Christus sal voorafgaan, sê die HERE: *"So weet julle ook, **wanneer julle ál hierdie dinge sien, dat dit naby is, voor die deur**. Voorwaar Ek sê vir julle, hierdie geslag sal sekerlik nie verbygaan voordat al hierdie dinge gebeur het nie"* (Matt. 24: 33-34). In Lukas 21 het die HERE ook oor die tekens van die tye gepraat en Sy volgelinge vermaan: ***"En as hierdie begin gebeur, kyk dan na bo en hef julle hoofde op, omdat julle verlossing naby is ...** So moet julle ook weet, **dat die koninkryk van God naby is wanneer julle hierdie dinge sien gebeur, ... waak dan en bid altyddeur, sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom, te ontvlug en voor die Seun van die mens te staan"*** (vv. 28,31,36).

Alles sal geskied wanneer die tyd vervul is. Presies die helfte van diegene wat gewag het vir die koms van die Bruidegom was voorbereid, terwyl die ander helfte hulself voor die geslote deur bevind het en geklop het, maar dit was te laat – vir ewig te laat. Dit gaan nou by die bybel-gelowiges daarom dat hulle geen kanse vat en vir hulself sê: "Dit sal alles reg wees" nie.

Die Bruid-Gemeente neem die Woord van belofte van die Bruidegom vir ons tyd, want hulle is kinders van die belofte (Rom. 9:8; Gal. 4:28). Hulle word met die beloofde Heilige Gees gevul (Hand. 2:33). Vir hulle is waar wat in Efésiërs 4:30 geskrywe staan: *"En bedroef nie die Heilige Gees van God nie, deur wie julle verseël is tot die dag van verlossing".* Volgens Jesaja 8:16 sal die openbaring geslote bly en die woord in die dissipels verseël word. Met God se hulp moet ons die bybelse kriteria vir ons voorbereiding vir die wegraping ken en die voorvereistes kan vervul. Die dwase maagde het hulle lampe geneem en het lig gehad. Maar die verstandiges het olie in hulle kanne ook gehad, sodat hulle die lampe kon vul uit die volheid van die Gees en die smeulende pit in die middernagtelike uur van beslissing nie geblus word nie. Olie in die Heilige Skrif is 'n simbool van die Heilige Gees. Die salwing met olie was nog altyd verbind met toewyding aan God. Konings en priesters was aan God toegewy daardeur en so geheilig vir hul diens.

Die geopenbaarde profetiese woord het in hierdie belangrike tydperk 'n helder lig in die duisternis geword. Na alles wat dit vooraf gegaan het, het ons nou helderheid, hier aan die einde van die tye – nie privaat interpretasies nie (2Petr. 1: 16-21). Ons ervaar nou letterlik wat in Psalm 119:105 geskryf is: *"U woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig vir my pad".* Die Bybel profesie moet nou erken en gesien word vandag in sy vervulling soos met die eerste koms van Christus. Die vraag is: Wat is van toepassing op ons van dit wat die HERE gesê het: ***"As jy tog maar geweet het, ja, ook in hierdie dag van jou, die dinge wat tot jou vrede dien!"*** of: *"maar nou is dit vir jou oë bedek"* (Luk. 19: 41-44), of ook: ***"Hy het na sy eiendom gekom, en Sy eie mense het Hom nie aangeneem nie"*** (Joh. 1)? Mag God verhoed dat dit op ons herhaal word vandag en die volgende eerder van toepassing is op elke leser: *"Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan* ***hulle wat in Sy Naam*** *glo"* (Joh. 1: 6-13) en ook: *"... en daar het gelowig geword almal wat verordineer was tot die ewige lewe"* (Hand. 13: 46-49). Geseënd is dié op wie die volgende ook van toepassing is: *"Wie 'n oor het om te hoor, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê".* Dit is wat nou saak maak, want teen die einde stem die bruid en bruidegom saam. Die *"Kyk, Ek kom gou ..."* word gevolg deur die uitroep:

*"En die Gees en die bruid sê: Kom! En laat hom wat hoor, sê: Kom!"* Die tyd het aangebreek: In die *"dag van heil"* het God lig gegee; middernag is die wekroep gemaak, en binnekort sal die ewige oggend aanbreek. Paulus sou opnuut uitroep: *"Maranatha!"* – "Kom gou!" (1Kor. 16:22).

## Epiloog

Sedert 1949, het ek die herlewings na die Tweede Wêreldoorlog internasionaal meegelewe. Reeds in die 1950's het ek al die bekende wêreld evangeliste in die VSA ontmoet en selfs vir sommige van hulle gedien as 'n vertaler. Van spesiale seëning vir my was die man van God, William M. Branham van die VSA, wie se prediking, in vergelyking met al die ander, eintlik suiwer bybels-apostoliese was, soos ek aan die hand van die Skrif kon sien. Dit kom neer op karakter sluipmoord wanneer die leuen geglo en die wêreld ingestuur word dat William Branham aan die "Jesus-Only" beweging behoort het. Dit word wydversprei slegs omdat sommige van die predikante van dié denominasie hom genooi het om hul vergaderings toe te spreek. Die waarheid is dat hy in 1932, in die Southern Baptist Kerk, dieselfde denominasie waaraan Billy Graham behoort het, verordineer was deur Dr. Roy Davis. Sy besonderse bediening, met sy goddelike roeping en kommissie, was egter bestem vir al die kinders van God oral.

Soos dit was met die profete, wat "sieners" was, so ook was dit met William Branham wie visioene gesien het. Hy het bv., kort na sy hemelse roeping op 7 Mei 1946, twee bome vol ryp vrugte gesien. Aan die een boom, was die woord "Drie-eenheid", aan die ander die woord "eenheid". Hy sien toe homself gaan staan tussen die twee bome, sy arms om dit plaas en dit toe vreeslik skud sodat die vrugte van altwee bome op hom val. In gesprek met Eerw. Ness, wat die "Assemblies of God" verteenwoordig het, en Eerw. Siscem wat die "United Pentecostal Church" verteenwoordig het (die twee groot pinkster bewegings in die VSA, wie elk wou dat hy by hulle moet aansluit), het hy aangedui dat hy deur God bestem is vir almal in alle kerke waarin die kinders van God versprei is. Op hierdie punt moet gesê word dat geen man van God teen mense is wat onskuldig in die verskillende godsdienste en denominasies is nie, maar is teen die stelsels waarin hulle gevange gehou word.

Al was hy die enigste een van al die evangeliste wat die plek, dag en uur van sy goddelike roeping en sending kon noem, was daar gepoog om hom te smoor met lastering sodat almal kan voortgaan met hul eie programme.

Alle evangeliste wat deel was van die eerste herlewings-golf en na vore gekom het ná die Tweede Wêreldoorlog, weet en erken dat William Branham die een was wie God gebruik het om die deurbraak te maak met sy heils- en genesing herlewing. Die wêreld sou nooit gehoor het van enige ander evangelis nie, as hierdie goddelike sending nie gegee was nie. Almal het, sonder uitsondering, vanaf die einde van die 1940's, deur die 1950's en in die vroeë 1960's, in 'n Branham vergadering hul besluit gemaak om deel te neem aan hierdie herlewing. Oral Roberts, T. L. Osborne, Gordon Lindsay, David Duplessis (SA), Demos Shakarian en dosyne ander, tot by Morris Cerullo en Kenneth E. Hagin – hulle almal het die bonatuurlike werk van God gesien. As hulle maar net besef het wat God se doel was met hierdie seldsame bediening!

Sou die HERE Jesus nou op die aarde wandel, sou Hy presies dieselfde dinge gedoen het soos destyds. Hy sou begin het deur Sy tempel skoon te maak, die boekrakke om te stoot en die geldmakers met Sy sweep by te dam. Hy sou aan die ander kant die bediening aandui wat Sy wederkoms moet voorafgaan. Soos Johannes die Doper gestuur was met 'n boodskap voor die eerste koms van Christus en die weg voorberei het, word die wederkoms nou vooruitgegaan met 'n wegbereidende "eindtyd boodskap". Van Johannes, die voorloper van die eerste koms, lees ons: *"Hy wat die bruid het, is die bruidegom; maar die vriend van die bruidegom wat na hom staan en luister, verbly hom baie oor die stem van die bruidegom"* (Joh. 3:29). Johannes was die vriend van die Bruidegom, 'n man van God af gestuur met die Woord van die uur. Dit was die boodskap wat hy aan die volk van God gebring het.

Dit is nou presies dieselfde. 'n Man van God gestuur is die vriend van die Bruidegom en bring sy boodskap aan die Bruid. Slegs dit wat vir ewig bly, is die ware goddelike boodskap van die Woord. Wat as dit waar is – en dit is waar – dat nou, aan die einde van die genade tydperk, 'n goddelike opdrag aan William Branham uitgereik was met die woorde: "Soos Johannes die Doper gestuur was om die eerste koms van Christus vooruit te gaan, so is die boodskap wat aan jou gegee is 'n voorloper van die wederkoms van Christus"? Om enige misverstand te vermy, het die man van God, nadat hy sy bevel ontvang het, daardie opdrag so beklemtoon: "Nie dat ek die voorloper sou wees nie, maar die boodskap sal die voorloper wees".

Van die oomblik af wanneer 'n beloofde profeet verskyn, breek die koninkryk van God deur met krag (Luk. 16:16). Dieselfde word nou herhaal

met die profetiese bediening wat vir ons tyd belowe is. Soos Johannes die Doper sy plek het in die Skrif, so is dit die geval met William Branham, die man van God gestuur in ons tyd. Dit was deur hom wat die HERE die oorspronklike leerstellinge oor die Godheid, die doop, nagmaal en al die geheime wat verborge was in die hele Skrif, aan die lig gebring het – ook wat werklik in die tuin van Eden gebeur het. Die bybelse orde en die vroeë Christelike praktyke van die Gemeente is weer geplaas op die staander. Ek was tot met sy heengaan in 1965, in Europa en in die VSA 'n ooggetuie van wat God in ons tyd gedoen het deur sy bediening, maar ons sal nie meer daaroor uitwei nie. Daaroor het ek alreeds geskryf wat nodig is in ander publikasies. Omdat ek dieselfde dinge wat gebeur het in bybeldae, met my eie oë gesien het, kan ek getuig dat Hebreërs 13:8 en Johannes 14:12 bevestig is. Was hy die profeet wat voor die dag van die HERE moes kom? Die boodskap van God se Woord, wat hy gebring het, met die bonatuurlik bevestiging wat dit gevolg het, spreek daarvan.

Hierdie uiteensetting word hoofsaaklik gewy aan al die dienaars van God regoor die hele wêreld, wie die verantwoordelikheid het in die bybelskole, kerke en sendingwerke, van wie ek baie persoonlik ontmoet het, en aan almal natuurlik, wat hierdie daarlegging deur God se sorgsaamheid sal lees.

Nou moet almal die besluit maak, of hulle die ware getuies of die valses glo. In Jesaja 43 vers 10 lees ons: *"Julle is my getuies, spreek die HERE ...".* Die HERE Jesus het vir die apostels gesê: *"Julle sal my getuies wees ..."* (Hand. 1:8). Ons het die ware getuies van God uit beide die Ou en Nuwe Testament, waaraan die getuienis van onse HERE behoort. Dit is dus onmoontlik dat ware kinders van God nog kan glo wat die valse getuies – die kerkvaders en hul verteenwoordigers – in teenstelling met die ware leringe verklaar. Dit is geskryf: ***"Hy wat God nie glo nie, het Hom tot leuenaar gemaak ..."*** (1Joh. 5:10). Niemand kan twee HERE dien nie. Niemand kan voor God beide die Woord en die interpretasie as korrek beskou nie. So, niemand het nou nog 'n verskoning nie en ek kan sê soos Paulus: *"Daarom betuig ek aan julle op hierdie dag dat ek rein is van die bloed van almal. want ek het nie nagelaat om aan julle die hele raad van God te verkondig nie"* (Hand. 20: 26-27).

Die volgende noem ek net as 'n getuienis, sodat almal kan verstaan, die verantwoordelikheid wat ek het deur my roeping. Ek, Ewald Frank, het op 2 April 1962 teen dagbreek in Luisenstraat 160, Krefeld, die almagtige, alles overheersende, bevelende stem van die HERE met my eie ore gehoor.

Na afloop van die oggend gebed, het ek by die kamervenster, wat aan die oostekant is, uitgekyk en letterlik uit die bloute uit, van regs en van bo, ‘n stem hoor sê: "My dienskneg, jou tyd vir hierdie stad sal binnekort voltooi wees. Ek gaan jou ook na ander stede stuur om My Woord te verkondig ...". Op daardie oomblik het die krag van die stem my magteloos gelaat, en ek val toe op my linkerarm, gesig na die vloer. Die hele ervaring en die volledige weergawe van my roeping en sending sal ek nie nou weer herhaal nie; ek het dit reeds in ander publikasies gedoen. Ek wil net almal verseker dat my getuienis so waar is soos die roeping en sending van Paulus in die Bybel. Getrou aan die hoë roeping het ek oor die jare van my bediening niks behalwe die oorspronklike Woord van God verkondig nie. Ek het nog altyd net gepreek wat aan my geopenbaar is uit die Skrif deur die Gees. Natuurlik het ook ek deur ‘n geestelike groei gegaan en dit ervaar soos ek van openbaring tot openbaring en van duidelikheid tot duidelikheid gelei was.

Ek noem hierdie bonatuurlike ervaring net sodat almal kan verstaan dat ek op grond van ‘n direkte hemelse roeping en sending, wat ek ontvang het, dieselfde verantwoordelikheid voor God dra soos die apostel Paulus destyds. Wat hy van homself gesê het, het ook op my betrekking: *"Soek ek dan nou die guns van mense, of van God? Of probeer ek om mense te behaag? As ek nog mense behaag, dan sou ek nie 'n dienskneg van Christus wees nie"* (Gal. 1:10). Omdat so baie leuens en bedrog op aarde heers, moet die ware stem van God se Woord, die stem van een wat roep in die godsdienstige woestyn, weer weerklink sonder kompromie. *"Want alle vlees is soos gras, en al die heerlikheid van die mens soos die blom van die gras. Die gras verdor, en sy blom val af, maar die woord van die HERE bly tot in ewigheid. En dit is die woord wat aan julle verkondig is"* (1Petr. 1: 24-25). Omdat ons nog in die genadetyd leef, is regstelling nog steeds moontlik. Ek kan net nog een keer beklemtoon, dat die tekens van die tye duidelik die beloofde wederkoms van Christus aandui en dat die wekroep nou uitgaan: *"Daar kom die bruidegom; gaan uit Hom tegemoet!".* Die getroue HERE sal Sy belofte van Sy wederkoms gou vervul, en dit nog in ons tyd. Mag al die ware gelowiges, luid uitroep: *"Maranatha!", "Ja, kom, HERE Jesus!"*

Die genade en vrede van God bly met almal wat hierdie daarlegging lees, in die Naam van ons geliefde HERE Jesus Christus. Amen.

*******

Hierdie boekie is direk vertaal uit die Duitse taal. Wie graag meer wil weet oor wat God gedoen het en nog steeds doen in ons tyd, kan ons gerus kontak by enige van die onder-genoemde kontakpunte.

Eerw. Frank het die mees belangrike bybel-onderwerpe behandel en dit is alles wêreldwyd beskikbaar. Dit sluit in:

GOD EN SY PLAN MET DIE MENSDOM

DIE BYBEL – DIE MEES-GELESE BOEK OP AARDE

DIE DOOP, NAGMAAL EN VOETEWAS

CHRISTUS EN SY GEMEENTE IN PROFESIE

DAAR IS GESKRYWE

DIE WEDERKOMS VAN CHRISTUS

DIE ANTICHRIS

Ook beskikbaar:

'N PROFEET BESOEK SUID AFRIKA



Eerw. Ewald Frank

Die boekies is alles gratis bekombaar, en vele ander onderwerpe in Engels, by die ondervermelde plaaslike adres. Van dit kan ook verkry word onder andere in Duits, Frans, Italiaans, Spaans, Russies, Roemeens en sommige ook in Swahili, direk by of deur:


Sendeling Ewald Frank

Posbus 100707

D–47707 Krefeld

Duitsland

Webwerf: http://www.freie–volksmission.de
E–pos: volksmission@gmx.de


Ons Plaaslike Kontakpunte:


© deur die outeer en uitgewer, E. Frank



Uitgereik Maart/April 2003 (Duits)

ZA

AFRIKAANS